WOORD & DAAD

WORD & ACTION | Winter / Winter 2012 | No. 420

Grense van verdraagsaamheid

WOORD & DAAD

Uitgegee deur / Published by:
Die Reformatoriese Beweging van Suider-Afrika in samewerking met die Instituut vir Grondslae - Ondersoek /
The Reformational Movement of Southern Africa in coordination with the Institute for Foundational Studies

●

WINTERUITGAWE – 2012
WINTER EDITION – 2012
Vol. 52 no. 420

●

UITGAWEREDAKTEUR /
EDITION EDITOR
Marlies Taljard

●

ARTIKELREDAKTEURS /
FEATURE EDITORS
Bennie van der Walt, Michael Heyns, Willemien du Plessis, Pieter Buys, Marlies Taljard, Jan Swanepoel, Lourens du Plessis,

●

MEDEWERKENDE REDAKTEURS /
CONTRIBUTING EDITORS
Nic Olivier, Attie van Niekerk, Johan Snyman, Allan Munro, Amie van Wyk

●

BLADUITLEG / PAGE LAYOUT
Izette Minny
FINANSIES / FINANCE:
Izette Minny
KORRESPONDENSIE /
CORRESPONDENCE:
Natanya Jacobs

●

Woord en Daad / Word and Action
Privaatsak / Private Bag X6001
Bussie: 208 / Box: 208
POTCHEFSTROOM 2520
RSA

●

Tel. (018) 299-1786
Faks/Fax 087 2315 430
E-pos / e-mail:
izette.minny@nwu.ac.za /
natanya.jacobs@nwu.ac.za

●

FUNKSIONARISSE / OFFICIALS
Jan Swanepoel
(Voorsitter/Chairman REBSA / REMSA)
Amie van Wyk
(Visevoorsitter / Vice chairman REBSA / REMSA)

●

INTEKENGELD / SUBSCRIPTION:

RSA R90; Ander / Other $55/€40

●

Gedruk deur / Printed by
***XEROX**,*
Potchefstroom

VOORBLAD – Grafikos BWT



INHOUD

VOORWOORD

1 Die grense van verdraagsaamheid
Redakteur

PRINSIPIËLE BESINNING / REFLECTION

3 Verdraagsaamheid maak ons kwesbaar vir sekularisasie
T. van der Walt

8 Christian organisations: a few concluding reflections
R. Coletto

11 Transendensie in ‘n post-metafisiese, post-transendente tyd
A. Verhoef

MENINGS EN INLIGTING / OPINIONS AND INFORMATION

14 Die biologiese beheer van indringerplante – volgens die natuur se resep
H. Klein

21 Georganiseerde misdaad in legio vorme
D. Aslett

24 Perlemoenstropery: kan dit gestop word?
N. Lendor

MENINGS EN BRIEWE / OPINIONS AND LETTERS

27 Die gawe van kompleksiteit
M. Peters

RESENSIES

Resensies en boekaankondigings verskyn op p. 7, 28, 29

Die menings in WOORD EN DAAD uitgespreek is dié van die outeurs en weerspieël nie noodwendig dié van die Redaksie nie.
Opinions, views and conclusions published in WORD AND ACTION are those of the authors and are not necessarily those of the Editorial Board.

Die grense van verdraagsaamheid

In die vorige uitgawe van *Woord & Daad* het die Redaksie aangekondig dat ons nou 'n nuwe fase betree waarin enkele kleiner veranderinge aan die werkwyse en die styl van ons tydskrif beplan word. Ons is steeds 'n paar uitgawes agter, maar die doel is om nou momentum aan ons publikasieplan te gee. Die organisasie van die huidige uitgawe het al heelwat gladder verloop as dié van die vorige uitgawe. Die Redaksie het op 'n vergadering wat op 6 Februarie gehou is, planne beraam om die agterstand so gou moontlik in te haal en om al die uitgawes wel te laat verskyn, hoewel dan effens laat. Tydens hierdie vergadering is ook besluit om die Redaksie uit te brei. Ons het reeds verneem dat prof. Ferdinand Potgieter van die Fakulteit Opvoedingswetenskappe aan die NWU Potchefstroom sy benoeming aanvaar het en wag nog op die reaksie van ander benoemdes. Ons dank prof. Potgieter dat hy bereid is om die taak op hom te neem en wens hom 'n vrugbare verbintenis met *Woord & Daad* toe. Prof. Potgieter is bekend in onderwyskringe as iemand met 'n grondige kennis van die filosofie en die teorie van onderwys. Voorts het die Redaksie besluit om die redaksionele aanslag van ons tydskrif effens te wysig sodat ons meer jonger lesers kan lok. Dit beteken egter nie dat ons die standaarde wat ons in die verlede aan skrywers gestel het, gaan verlaag nie; ook nie dat ons dit 'n sogenaamde "gewilde" beeld wil gee nie. Dit beteken bloot dat ons ook jonger persone wil aanmoedig om op die Redaksie te dien en dat ons bewustelik op inligting gaan fokus wat binne die belangstellingsveld van jonger mense val. Ons hoor dus graag van lesers wat hulle in ons tydskrif wil lees.

Van tyd tot tyd ontvang ons wel kommentaar van belangstellendes. Ons deel graag die e-pos wat Zirkëa Botha onlangs gestuur het: *Ek teken al vir die afgelope vyf en twintig jaar in op u puik tydskrif "Woord en Daad". Die Someruitgawe, 2011 vol. 51 no. 418 is vir my uitstaande. Ek verneem graag of dit moontlik sal wees om drie van die spesifieke uitgawes vir my te laat bekom wat ek aan my kinders wil skenk.* Hiermee wil ons dan ook ander intekenare nooi om gerus van u te laat hoor – en sal dit nie wonderlik wees as meer mense *Woord & Daad* as 'n geskenk aan onder gee nie!

Hierdie uitgawe van *Woord & Daad* verskyn onder die titel "Die grense van verdraagsaamheid", na aanleiding van die hoofartikel deur Tinus van der Walt, "Verdraagsaamheid maak ons kwesbaar vir sekularisasie". In hierdie artikel voer hy aan dat 'n onskriftuurlike idee van verdraagsaamheid die neiging het om Christene kwesbaar te maak vir die invloed van onbybelse idees, waardes en praktyke, omdat dit hulle weersin teen sonde aftakel. Die woord "verdraag-saamheid" het in ons tye 'n soort gonswoord geword. "Verdraagsaam" beteken volgens die HAT "inskiklik, toegeeflik, wat 'n ander se gevoelens in ag neem". Dit het egter ook die breër betekenis van "liberaal", "onbekrompe" en "iets toelaat waarmee nie saamgestem word nie". Dit is juis in laasgenoemde sin dat die begrip dikwels in moderne tye gebruik word. Op 2 Februarie 1959 verskyn daar 'n interessante artikel van Billy Graham in die Amerikaanse tydskrif *Christianity Today,* naamlik *The Sin of Tolerance,* waarin die skrywer waarsku teen die kompromittering van eie oortuigings in 'n poging om nie aanstoot te gee nie. Hy voer aan: "... over-tolerance in moral issues has made us soft, flabby and devoid of conviction." Ons samelewing het verdraagsaam geword ten opsigte van egskeiding, alkohol- en dwelmgebruik, misdaad en bedrog deur die amptenary, 'n immorele lewenswyse en ander onaanvaarbare gedragspatrone.

As Christene word die beroep dikwels op ons gedoen om meer verdraagsaam te wees, maar in die werkplek staan sake meestal heeltemal anders. Binne ons akademiese vakgebiede wil ons nie

verdraagsaam wees nie. Vir die natuurwetenskaplike is dit bykans ondenkbaar om toegewings te maak, want presisie is vir ingenieurs, farmakoloë, wiskundiges en tegnici van die allergrootste belang. As 'n mens met syfers werk, is daar geen ruimte vir "verdraagsaamheid" nie, want een plus een bly twee – dit kan nooit 2.01 of 3 wees nie; die medikus kan nie verdraagsaam wees ten opsigte van die behandeling van pasiënte in lewensgevaar nie. Waarom moet die Christen dus verdraagsaam wees ten opsigte van geloofskwessies? Jesus sê immers in Mattheus 7:13-14: *Gaan deur die nou poort in. Die poort wat na die verderf lei, is wyd en die pad daarheen breed, en dié wat daardeur ingaan, is baie. Maar die poort wat na die lewe lei, is nou en die pad daarheen smal, en dié wat dit kry, is min.*

Verdere artikels wat by hierdie tema aansluit, is Hildegard Klein se artikel oor die biologiese beheer van indringerplante, waarin sy onder andere wys op die negatiewe gevolge van verdraagsaamheid teenoor indringerplante wat die natuurlike balans van ons flora versteur. Die twee artikels oor georganiseerde misdaad – "Georganiseerde misdaad in legio vorme" deur Duane Aslett en "Pêrlemoenstropery: kan dit gestop word?" deur Nolan Lendor – laat val die klem op stropery van natuurlike en ander bates waarteen die owerheid 'n houding van absolute onverdraagsaamheid behoort in te neem. Verder lees ons in hierdie uitgawe die laaste artikel in 'n reeks deur Renato Coletto waarin hy die praktiese betrokkenheid van gereformeerde Christene binne verskillende sosiale strukture bespreek het en waarin hy nou tot die slotsom kom dat samewerking van alle Christene op 'n sistematiese, georganiseerde vlak, dit vir Christene moontlik maak om hulle geloof uit te leef én 'n verskil te maak in die gemeenskappe waarin hulle leef. Anné Verhoef se artikel, "Transendensie in 'n post-metafisiese, post-transendente tyd" dwing die leser om na te dink oor transendensie in die tyd waarin ons leef. Ten slotte het Meinhard Peters 'n interessante besinning oor die verstommende kompleksiteit van die Skepping vanuit die perspektief van 'n ingenieur met ons gedeel.

Marlies Taljard

Uitgaweredakteur

WOORD & DAAD op die internet! /
WORD & ACTION on the internet!
http://www.journals.co.za/ej/ejour_woord.html
Gebruikersnaam en wagwoord kan aangevra word by:
UserID and password can be obtained from:
Erika.Otto@nwu.ac.za

Verdraagsaamheid maak ons kwesbaar vir sekularisasie[1]

Tinus van der Walt
(Skool vir Filosofie, Potchefstroomkampus van die NWU)

INLEIDEND

In die Ou Testament is dit duidelik dat die Israeliete gedurig geswig het voor die invloed van die heidense kulture rondom hulle. Ten spyte van die feit dat God hulle van die ander volke afgesonder het om heilig te lewe (Lev. 20:26), swig hulle keer op keer voor die versoeking om die heidennasies in hulle afskuwelike gebruike na te volg. As hedendaagse Christene is ons ook kwesbaar vir die negatiewe invloed van nie-Christelike idees, waardes en gebruike.

In hierdie artikel word geredeneer dat 'n *onskriftuurlike idee van verdraagsaamheid* die neiging het om Christene kwesbaar te maak vir die invloed van onbybelse idees, waardes en praktyke, omdat dit hulle *weersin teen sonde aftakel*. Die aanpas en inpas by onbybelse idees en leefwyses kan beskryf word met die begrip "sekularisasie".

In hierdie artikel word "sekularisasie" gebruik in die sin van "wêreldgelykvormigheid".

WAT WORD BEDOEL MET "SEKULARISASIE"?

"Sekularisasie" is afgelei van die Latynse woord *saeculum* wat oorspronklik "tydperk" of "generasie" beteken. Met die verloop van tyd het die betekenis daarvan verander, om die ruimtelike konnotasie van "wêreld" te kry. In die Rooms Katolieke Kerk is hierdie begrip gebruik om te verwys na kloosterinwoners wat (teenstrydig met hulle beloftes) die kloosterlewe prysgegee het. Soms verwys "sekularisasie" na die proses waar die staat op die kerk se eiendom beslag lê, soos wat dikwels in kommunistiese lande plaasgevind het. Die gereformeerde teoloog, Abraham Kuyper, gebruik dit selfs in 'n positiewe sin om te verwys na die losmaking van samelewingsverbande van kerklike oorheersing. Vir hom gaan dit dus om die differensiasie van samelewingsverbande en die bekende reformatoriese beginsel van soewereiniteit in eie kring.

In hierdie artikel word "sekularisasie" egter gebruik in die sin van "wêreldgelykvormigheid". Hierdie interpretasie van die begrip is ontleen aan die woorde van Paulus in Rom. 12:2 (1953-vertaling): "En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie ...". Die Griekse woorde wat hier gebruik word, beteken om "*nie jou lewe te vorm*" volgens dié van die sondige wêreld nie. Dit beteken dat Paulus ons waarsku om nie ons lewens te modelleer volgens die model van die nie-gelowiges nie. Ons moet nie ons gedagtes, woorde en dade dieselfde vorm gee soos dié wat God nie ken nie. In meer resente terme: Ons moenie ongelowiges se idees, leefwyse en waardes as ons rolmodel neem, dit naaap, dit assimileer en daarby aanpas nie.

Sekularisasie is 'n proses van "gelykvormig-word", sodat gelowiges hulle andersheid en uniekheid verloor. Andersheid en uniekheid is weliswaar nie op sigself nastrewenswaardig nie, maar 'n Christen se lewe van toewyding en

[1] Ek betuig graag my dank aan Tienie van der Walt vir die insette wat hy met betrekking tot hierdie artikel gelewer het.

gehoorsaamheid aan God kan nie anders as om uniek te wees en uit te staan nie. Soos Jesus sê: "Julle is die lig van die wêreld. 'n Stad wat bo-op 'n berg lê, kan nie weggesteek word nie" (Mat. 5:14).

Gevaarligte moet daarom begin flikker as ons te gerieflik by ons tydsgees inpas, as ons nooit die minste ongemak, wrywing en konflik ervaar nie. Die lewe van 'n gelowige behoort wel 'n seën vir dié rondom hom, ook vir ongelowiges, te wees. 'n Christen se lewe moet immers gekenmerk word deur onder andere liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid en goedhartigheid (Gal. 5:22-23). Ten spyte van hierdie positiewe bydrae van Christene, kan ons egter verwag dat 'n Christen se lewe ook by tye aanstoot sal gee (vergelyk Mat. 5:11, 1 Kor. 1:23 en 1 Pet. 2:12) juis omdat dit deur gehoorsaamheid aan God gekenmerk word, en daarom juis nié inpas by ongelowiges se idees en lewenstyle nie (vergelyk 1 Pt. 4:4, 12). Om ten volle tuis te wees in 'n nie-Christelike omgewing, is dus 'n duidelike aanduiding van sekularisasie.

DIE IMPLIKASIES EN GEVAAR VAN SEKULARISASIE

Sekularisasie is vir Christene uiters gevaarlik, omdat dit lei tot ongehoorsaamheid aan en dus vervreemding van God, en tweedens omdat dit ons roeping om 'n sout en 'n lig vir die wêreld te wees, dwarsboom (Mat. 5:13-16).

Die belangrikste implikasie van sekularisasie is dat ons lewens nie meer 'n heilige, welgevallige en aanneemlike offer vir God kan wees nie (sien Rom. 12:1-2 en Jes. 1:13). Sekularisasie plaas ons voete op die breë pad, en vervreem ons harte van God.

Sekularisasie het ook 'n vernietigende uitwerking op ons roeping in hierdie wêreld. 'n Gesekulariseerde Christen kan nie meer 'n lig en sout vir die wêreld wees nie. Tot dié mate wat ons die sondige gebruike van ons tyd aanneem, kan ons lewens nie meer dien as getuienis van redding en van God se genade nie. Tot dié mate wat ons wêreldgelykvormig word, kan ons nie meer daardie unieke bydrae tot die breë samelewing maak, wat slegs in gehoorsaamheid aan God gedoen kan word nie. Soos sout wat verslaan en 'n lig wat weggesteek word, maak die gesekulariseerde Christen geen unieke verskil in sy omgewing nie.

As ons gewoond raak aan nie-Christelike idees en optredes, het ons alreeds die eerste tree op die sekularisasiepad gegee.

Ons mislei onsself indien ons meen dat ons nie kwesbaar is vir sekularisasie nie. Wat sekularisasie so gevaarlik maak, is dat dit eerstens 'n subtiele proses is en tweedens dat dit geleidelik plaasvind. Dit is subtiel, omdat Christelike norme dikwels nie openlik bedreig of aangeval word nie, en sekularisasie dus nie gevaarlik lyk nie. Dit is 'n geleidelike proses omdat ons onder andere deur onophoudelike blootstelling aan sonde, stadig maar seker daaraan gewoond raak. As ons gewoond raak aan nie-Christelike idees en optredes, het ons alreeds die eerste tree op die sekularisasiepad gegee. Ons raak met ander woorde afgestomp, sodat sekere sondes net nie meer weersin in ons wek nie.

Verdraagsaamheid en 'n gebrek aan haat vir die sonde, maak ons weerloos teen sekularisasie.

OORSAKE VAN SEKULARISASIE

Sondeverdraagsaamheid maak ons weerloos teen sekularisasie

Daar is verskillende oorsake waarom Christene gesekulariseerd raak. Een van die belangrike redes is dat ons *verdraagsaam* raak teenoor sekere sondes. Deur meer verdraagsaam teenoor sonde te raak, word die afkeurwaardigheid van sonde geneutraliseer. Dit spreek vanself dat hoe meer verdraagsaam ons teenoor 'n

spesifieke sonde raak, hoe makliker sal die sekularisasieproses plaasvind. Hoe minder ons afkeer en weersin in sonde raak, hoe makliker sal ons by die sondige wêreld se siening en leefwyse kan aanpas. Verdraagsaamheid en 'n gebrek aan haat vir die sonde, maak ons weerloos teen sekularisasie.

Hierdie weerloosheid ten opsigte van sekularisasie word veel erger indien verdraagsaamheid teenoor die sonde uit die Bybel geregverdig word.

Die regverdiging van verdraagsaamheid, en selfs openlike aanvaarding van sekere sondes, het soos 'n veldbrand onder baie Christene versprei.

Sondeverdraagsaamheid uit die Bybel geregverdig

Baie Christene het geen gewetenskwelling oor die feit dat hulle verdraagsaam teenoor sekere sondes geraak het nie. Inteendeel, hulle regverdig dit uit die Bybel en raak selfs aggressief teenoor diegene wat 'n sekere siening of optrede wel as sonde uitwys.

Die regverdiging van verdraagsaamheid, en selfs openlike aanvaarding van sekere sondes, het soos 'n veldbrand onder baie Christene versprei. Sondeverdraagsaamheid word meestal geregverdig op grond van die *Bybelse eis van verdraagsaamheid*. Die gedagte is dat onverdraagsaamheid teenoor sekere sondes teenstrydig is met die Bybel se eis van liefde, deernis, barmhartigheid en verdraagsaamheid. Liefdevolle verdraagsaamheid moet ons dan daarvan weerhou om iemand te vermaan, tereg te wys en sy dade te veroordeel. Bybelse uitsprake van "jy mag nie oordeel nie" (Mat. 7:1-5) word gebruik om verdraagsaamheid teenoor sondes te regverdig. Volgens hierdie siening is onverdraagsaamheid teenoor sekere sondes direk in stryd met die Bybelse eis van verdraagsaamheid, liefde en nie-veroordeling.

Verdraagsaamheid teenoor sekere sondes word ook versterk deurdat gelowiges nie altyd 'n duidelike onderskeid kan tref nie tussen dit wat die Bybel oor sonde sê, en dit wat dit oor die sondaar sê. Onverdraagsaamheid teenoor en weersin in die sonde word verwar met onverdraagsaamheid en haat teenoor die sondaar.

Die intensiteit van sondeverdraagsaamheid wissel baie, na gelang van die persoon en die sonde wat ter sprake is. Soms is die verdraagsaamheid redelik "sag", in die sin dat iemand voel dat die betrokke sonde nie so erg is dat daar 'n groot bohaai van gemaak hoef te word nie. Soms is die verdraagsaamheid egter veel erger, en ontwikkel dit in totale aanvaarding van die sonde as nie-sonde, van die verkeerde as reg en van die slegte as goed (vergelyk Jes. 5:20). In die geval waar hierdie sekularisasieproses tot volle ontwikkeling gekom het, verander die afkeur in die spesifieke sonde, nie net in die goedkeur daarvan nie, maar ook in weersin en vyandskap teenoor diegene wat dit nog as sonde tipeer. 'n Goeie voorbeeld hiervan is vele Christene se siening van homoseksuele verhoudings. Baie Christene het hulle totaal versoen met die nie-bybelse siening van verdraagsaamheid teenoor sulke verhoudings. Hierdie proses van assimilasie van die nie-Christelike siening oor homoseksuele verhoudings het tot so 'n mate ontwikkel dat openlike aggressie en vyandskap teenoor diegene wat dit as sonde beskryf, die norm eerder as die uitsondering geword het. Aan die ander kant is hierdie soort verdraagsaamheid teenoor sondes soos rassisme en verkragting ondenkbaar.

So 'n totale ommeswaai van sonde-afkeur na sonde-goedkeuring is natuurlik slegs moontlik indien daar al 'n beduidende waardeverskuiwing in die breë samelewing plaasgevind het.

Dit spreek vanself dat verdraagsaamheid teenoor ons eie en ander se sondes maak dat berou en bekering onmoontlik is. Sondeverdraagsaamheid versper die pad van gehoorsaamheid aan en liefde tot God geheel en al (vergelyk 2 Kor. 7:8-11).

BYBELSE PERSPEKTIEWE OP SONDE

'n Bybelse gesindheid teenoor sonde

Teenoor bostaande regverdiging van sondeverdraagsaamheid leer die Bybel ons om *onverdraagsaam* teenoor sonde te wees. Ons moet "haat wat sleg is, en liefhê wat goed is" (Amos 5:15). In Rom. 12:9 beveel Paulus "verafsku wat sleg is; hang die goeie aan." Hierdie gesindheid van afkeur het implikasies vir hoe ons reageer teenoor sonde in ons eie lewe. Ons moet byvoorbeeld afstand doen van sonde en ons daarvan weerhou (2 Tim. 2:19 & 1 Tess. 5:22). Ons moet ook "ten bloede toe weerstand bied" in ons stryd teen sonde (Heb. 12:4, sien ook 1 Pet. 5:7-9).

Hierdie afkeurgesindheid teenoor sonde het ook implikasies vir hoe ons reageer teenoor sonde in ander se lewens. In die eerste plek moet ons mekaar vermaan: "… vermaan mekaar elke dag ..., sodat niemand van julle deur die verleiding van die sonde verhard word nie" (Heb. 3:13). Verder moet dié wat valse leer verkondig, met die gesonde leer weerlê word, en die verspreiding van dwaalleer moet gestaak word (Titus 1:9,11). Vermaning en teregwysing moet egter in 'n gesindheid van liefde plaasvind. Soos Paulus in 2 Tess. 3:15 sê: "En beskou hom nie as 'n vyand nie, maar vermaan hom as 'n broeder." Vermaning van sonde is dus nie deel van liefdelose onverdraagsaamheid nie, maar van liefdevolle oproep tot bekering, 'n terugroep tot ons getroue hemelse Vader.

Rom. 12:2 waarsku ons nie sonder rede om nie ons waardes, idees en leefstyl te modelleer volgens die wêreld se model nie. Ons moet net die teendeel doen (Rom. 12:2b): Ons moet 'n innerlike *metamorfose* ondergaan deur die vernuwing van ons gemoed / denke / emosies. Die rede waarom ons hierdie metamorfose moet ondergaan, is sodat ons kan *beoordeel wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God* is. Teenoor aanvaarding van dít wat die *wêreld* oor dinge te sê het, roep die Bybel ons op om diep en ernstig te soek na dit *wat God* oor dinge te sê het. Teenoor *sonde-aanpassing*, stel die Bybel 'n *innerlike metamorfose* wat ons in staat stel om tussen goed en kwaad, sonde en nie-sonde, gehoorsaamheid aan God en ongehoorsaamheid aan God te kan onderskei. Om ons teen wêreldgelykvormigheid te beskerm, moet ons die vermoë ontwikkel om prinsipieelkrities te kan dink, om sonde raak te sien, en om idees en optredes volgens God se Woord te kan beoordeel.

'n Bybelse verstaan van verdraagsaamheid

Die Skriftuurlike idee van verdraagsaamheid is nie, soos sommige meen, teenstrydig met 'n afkeurgesindheid teenoor sonde nie. Inteendeel, verdraagsaamheid veronderstel 'n gesindheid van afkeer teenoor sonde. God se verdraagsaamheid het immers die bekering van sondes ten doel. In plaas van 'n onverskillige "laat-maar-begaan" houding, maak God bemoeienis met ons met die verwagting dat ons sal breek met die sondes in ons lewens en na Hom toe sal terugdraai. 'n Hardnekkige volharding in sonde getuig daarvan dat God se genade, sy verdraagsaamheid en goedheid in die wind geslaan word. Nog meer, dat dit verag word. Paulus vat dit in Rom. 2:4 mooi saam: "Of verag jy die rykdom van sy goedertierenheid en verdraagsaamheid en lankmoedigheid, omdat jy nie besef dat die goedertierenheid van God jou tot bekering wil lei nie?"

Op 'n soortgelyke manier as wat God verdraagsaam is teenoor ons, moet ons verdraagsaam wees teenoor mekaar. Verdraagsaamheid is geensins bedoel om te dien as dekmantel vir sonde in ons eie lewe nie. Dit beteken ook nie 'n "laat-maar-begaan" houding waardeur ander se sonde bloot oorgesien word nie. Verdraagsaamheid is eerder daarop gemik om iemand in liefde te bearbei en uiteindelik tot bekering te lei. So 'n proses benodig geduld en die bereidwilligheid om die seerkry wat ander se sonde vir ons veroorsaak, intussen te verduur. Nog meer, so 'n proses vra doelgerigte betrokkenheid en 'n daadwerklike oproep tot bekering.

Samevattend kan dus gestel word dat 'n skriftuurlike idee van verdraagsaamheid 'n afkeurgesindheid teenoor *sonde* veronderstel en dat dit met doelgerigtheid daarop gemik is om 'n *persoon* tot bekering te lei. Eenvoudiger word dit dikwels gestel dat die *persoon of sondaar* verdra moet word, maar nie die *sonde* nie.

SAMEVATTING

'n Beroep op verdraagsaamheid teenoor sonde, hoe subtiel dit ook al mag wees of hoe opreg dit ook al mag klink, ondermyn 'n afkeurgesindheid teenoor sonde. Sonder 'n weersin teen sonde, verdwyn die motivering om, in ons eie lewe, ons van ons sondes te bekeer, om weerstand daarteen te bied en daarvan te vlug. Sonder 'n afkeurgesindheid teenoor sonde, sal ons moed ons begewe om ander te vermaan, tereg te wys en dwaalleer te weerlê. Indien iemand sondeverdraagsaamheid aanhang, is daar geen verweer teen die druk om gelykvormig aan die sondige wêreld te word nie. Hierdie onskriftuurlike idee van verdraagsaamheid maak ons dus kwesbaar vir sekularisasie.

Pierre Spies met Myan Subrayan. 2012. **Meer as rugby**. Johannesburg:Penguin Books SA. Prys: R214. ISBN: 9780143528173

Resensent: Aloe Meintjes,
Skool van Besigheidsbestuur, NWU, Potchefstroom

Met sy outobiografie *Meer as rugby* voer Pierre Spies die leser nie net mee op 'n reis deur die lewe van 'n briljante rugbyspeler nie, maar ook deur die lewe van 'n persoon wat antwoorde soek op verskeie lewensvrae en ook op soek is na sy eie identiteit en geestelike oortuiging. Tydens hierdie reis maak die leser kennis met talle temas wat relevante kwessies in die hedendaagse samelewing aanraak. Hierdie temas sluit in: familie, vriende, huwelik en egskeiding, skool, dissipline, geloof, dood, sportmanskap, respek, vertwyfeling, siekte, dwelms, terugslag en oorwinning.

Dit is egter die tema van terugslag en oorwinning wat 'n sentrale plek in hierdie outobiografie inneem. Hierdie terugslag en oorwinning behels meer as net die verloor of wen op 'n rugbyveld. Dit behels ook terugslag en oorwinning op bykans elke gebied van die menslike lewe. Met sy openhartige vertelling van hierdie talle hekkies wat hy al in sy lewe moes oorkom, bewys Pierre Spies aan die leser dat die lewe van 'n sportheld/beroemde persoon nie utopies is nie, maar net soos die lewe van die man op straat gekenmerk word deur verskeie uitdagings, probleme en teleurstellings.

Opvallend in hierdie outobiografie is die respek en deernis waarmee Pierre Spies oor sy oorlede pa praat. Hy beskou sy pa as "die volmaakte vader en mentor" – 'n pa wie se norme altyd op die Bybel gegrond was en deurentyd daarin volhard het om sy seun te probeer leer van geduld, nederigheid, volharding, en die uiteindelike seëviering wat daarmee gepaardgaan. Daarom dat die volgende woorde van sy pa vir hom opnuut besondere betekenis inhou wanneer die wenstreep buite bereik blyk te wees:

> *Wanneer 'n mens wen, openbaar jy net 'n bietjie van jou karakter, maar wanneer jy verloor, wys alles… Dis nie hoe jy begin nie, maar hoe jy eindig. Die lewe gaan daaroor om sterk te eindig… Sukses is die natuurlike gevolg na die konsekwente toepassing van die basiese grondbeginsels.*

Vir 'n getroue WP-ondersteuner was *Meer as rugby* 'n aangename verrassing. Dit is nie net 'n uiters inspirerende outobiografie nie, maar dien ook as gids vir die wyse waarop enige persoon krisistye kan en behoort te hanteer. Tieners (seuns én dogters) wat nog besig is om hul eie identiteit te ontwikkel, nie weet hoe om besondere prestasies te hanteer nie, en wat nog talle teleurstellings in die lewe moet oorkom, sal veral aanklank vind by hierdie outobiografie.

Christian organisations: a few concluding reflections

Prof. Renato Coletto
(School of Philosophy, Potchefstroom campus at the NWU)

Introduction

In the previous issues of *Woord en Daad* I have written six reports on Christian-reformational organisations operating in different fields, from politics to agriculture. It is time to come to a conclusion. In this short article I would like to argue that Christian organised action is not only a pleasant optional appendix to church life but a necessary expression of sound Christian discipleship. Perhaps I should clarify what I mean by "necessary" expression. What is necessary is not the particular form in which action is expressed (different forms of action and organisation can be adopted in different times and circumstances). What remains essential is an involvement of the Christian community in all the spheres which we "visited" in the previous articles. In some cases, however, creating a specific Christian organisation might be the only adequate response to the needs of a particular situation.

The Bible, it is argued, tells us much about the organisation of the church, but nowhere mentions Christian universities, political parties, unions or other associations.

Biblical perspectives

Unfortunately, in many Christian circles today Christian action outside of the church is regarded as completely optional. The Bible, it is argued, tells us much about the organisation of the church, but nowhere mentions Christian universities, political parties, unions or other associations. For many, the Christian community is a kind of monocellular organism, a kind of amoeba. Others might admit that the kingdom of God contains a few organs (like families, missionary organisations or charity initiatives).

Israel was a nation in which the service of the Temple was only part of the service to God.

Of course universities and unions did not exist in the times of the Old or New Testament, yet the Bible offers a project for the whole of life, not only for church-life. Israel was a nation in which the service of the Temple was only part of the service to God. Apart from the Levite priests there were governments, families, and all sorts of communal activities. There were also many types of leaders (kings, elders, magistrates, commanders).

The Bible furthermore shows the progressive emergence of new institutions and new offices. During his lifetime, Abraham was a leader in many spheres of life: cultic, economic, military, and so forth (cf. Gen. 13, 2; 14, 14-16; 17, 23; 21, 27-34; 24, 1-4). Yet gradually, a "differentiation" of tasks and authorities emerged in social life. Moses accepted his father-in-law's advice to leave all judicial tasks to appointed judges (Ex. 18, 14-22). King Uzzia learnt to his own detriment that the tasks of the priests should not be performed by other leaders, not even by a king (2 Chron. 26, 16-21). Gradually, each leader was assigned a sphere of competence.

In the New Testament the church is the new "Israel" (Gal. 6, 16), and it should be regarded as a "nation" a complex "body" with many functions, leaders and institutions. The *ecclesia* (one could say: the Church with a capital c) is not constituted only by its cultic activities (the church with a small c), but by all the initiatives, offices and organisations supported from Sunday to Saturday by all its members, for example the politicians, the medical doctors, the workers, the mothers and so forth.

We should remember that the church is only one section of the Kingdom of God.

It is unfortunate that, during the centuries, we have come to identify the *ecclesia* (the "Church") with its cultic congregation (the "church") led by elders and deacons. From time to time we should remember that the church is only one section of the Kingdom of God. According to the circumstances and the possibilities, we need to be involved together in all spheres of life, to be a holy nation.

Organised Christian action

Unfortunately Christian action outside the church is often ignored, at least in some circles. To understand what's going on it is sufficient, for example, to have a look at statistical reports concerning the presence of Christians in the various countries. Think for example of "classical" works by Patrick Johnstone ("Operation World"), or think of the statistics provided by David Barret in the "World Christian Encyclopaedia". While the presence of missionary organisations, congregations and Bible colleges is carefully documented, very little mention is made of the Christian political, educational or social institutions.

The latter are often regarded as part of a "social" involvement, presumably to be distinguished from the proper evangelistic task of the church, which is the "great commission" of the church (often identified with evangelisation). It is usually ignored that the great commission includes and requires Christian action in all spheres of life (the task - Matthew 28, 18-20 is not making converts, but making *disciples* and these disciples are nations – v. 19).

As a matter of fact, the Christian organisations mentioned in this series also deliver a *testimony*, which is highly valuable even from an evangelistic point of view. To be concrete: in many cases such organisations illustrate very well the love of the Christian community for God and for fellow human beings who need bread but also education, a just social system and a clean environment. This can open up possibilities for evangelisation which would not be possible otherwise.

So every "social" involvement is also evangelistic, and every evangelistic effort is social as well. The distinction (or the "balance") between the two which is often judiciously invoked, simply doesn't hold water. One may say that the church-institution focuses more directly on faith issues, but does this suggest disinterest for the other dimensions of human life? The way I see it, there should be a concerted effort of all Christian organisations to serve together in the Kingdom of God. Any other solution is necessarily partial, truncated and possibly dualistic.

I am not saying that one should avoid doing anything before a vast number of Christian organisations is created. One should always start working with the resources and in the institutions which are available at the time. But what happens in most cases? Churches create new churches, send missionaries or create new Bible Colleges, and forget about everything else.

Do we need Christian political action?
Do we need Christian psychologists?
Do we need Christian scholarship?

This strategy is of course even convenient for pastors, missionaries and other mini-

sters trained to feel the sole owners of the Christian enterprise. It is also convenient for many members who prefer to delegate everything to the church. Do we need Christian political action? Leave it to the pastors, or to the Archbishops! Do we need Christian psychologists? Leave it to the pastoral counsellors! Do we need Christian scholarship? Leave it to the theologians! And so on. Unfortunately, the churches seldom promote or seldom acknowledge initiatives which are not church-related. Is it the local church which is jeopardising the biblical view of kingdom-mission? Or are individuals creating the problem?

Many Christians are staunch church-goers, members of church councils and at the same time lecturers, politicians, businessmen, et cetera. In most of the cases they do not even have a faint idea (and do not care) about how to connect their religion to their scholarship, politics or art. These individuals live, so to speak, in compartments: a Sunday religion and a week of secular occupations sprinkled with occasional prayer. The church is the only institution where Christians work together. For every other task we normally function individually (or join non-Christian organisations).

But we should be careful: in our times informal organisation might simply result in disorganised Christianity, with little or no cultural impact.

A few years ago a Christian from New Zealand launched a prophetic lamentation on the situation of Christianity in that country.

He wrote: here Christians have no radio station, no newspapers, no political party, no Christian university or labour union. One might still say that Christian action can take place in other forms, perhaps more “informal”. But we should be careful: in our times informal organisation might simply result in disorganised Chris-tianity, with little or no cultural impact.

Of course it is not compulsory for a Christian community to form all sorts of organisations.

Conclusion

In a few articles we have considered a number of reformational organisations. We should not forget that they are part of a broader network of Christian organised action. In this broader network, not all organisations can be called “reformational” yet some of them share a “transformational” approach to life. In other words, they believe that working together in a systematic, organised way makes it possible for Christians to witness their faith and possibly to change something in the societies in which we live. Of course it is not alwayscompulsory for each Christian community to form all sorts of organisations. In some cases it might even be counter-productive and other options can be preferred. It depends on the concrete situation, for instance on the size of a community. Yet the option of creating Christian organisations is a precious possibility that should not be rejected too quickly. Especially, I would say, when the size of a Christian community and the competence of its leaders are considerable.

Transendensie in 'n post-metafisiese, post-transendente tyd

Dr. Anné Verhoef,
(Skool vir Filosofie, Potchefstroomkampus van die NWU)

As daar twee boeke met die term "transendensie" in hulle titel verskyn – soos wat onlangs die geval was met *Culture and Transcendence* (Peeters: Leuven, 2012) en *Looking Beyond? Shifting views of Transcendence in Philosophy, Theology, Art and Politics* (Rodopi: Amsterdam, 2012) – en dit boonop boeke is waaraan gesiene akademici meegewerk het (waarvan heelwat Suid-Afrikaners is), ontstaan die vraag: Waarom is dit belangrik om na te dink oor transendensie? Hoekom fassineer hierdie term filosowe, teoloë en ander akademici juis in ons moderne of post-moderne konteks en kultuur? Is dit dalk die gebrek aan transendensie in ons kultuur? Of is dit die wonder van transendensie, of die "spook" daarvan?

Die twee bogenoemde boeke bevat 'n verskeidenheid artikels oor transendensie soos wat dit in ons hedendaagse kultuur verstaan en beleef word. Die redakteurs is Wessel Stoker en Willie van der Merwe – albei van die VU in Amsterdam. Die belangstelling in transendensie is natuurlik veel groter as hierdie twee boeke en die internasionale belangstelling hierin word onderstreep deur 'n seminale boek soos *Transcendence and Beyond – A post-modern Inquiry* (Indiana Press: Bloomington, 2007) waarvan John Caputo en Michael Scanlon die redakteurs is. In Suid-Afrika het ook onlangs die boek *Homo transcendentalis? Transcendence in science and religion: interdisciplinary perspectives* verskyn (Unisa: Pretoria, 2010). Ook by akademiese konferensies word transendensie bespreek, en in Junie 2012 is daar byvoorbeeld deur die Instituut vir Hermeneutiek en Godsdiensfilosofie van die Universiteit van Zürich 'n internasionale konferensie gehou met die tema "Hermeneutiek van die Transendensie".

Die beliggaamde aard van transendensie kan nie lei tot 'n radikalisering van transendensie in die immanente nie.

Skeptici sal dadelik wonder hoekom word daar in hierdie post-transendente, post-metafisiese tyd hernude aandag aan transendensie geskenk. Hierop gee Karen Armstrong 'n interessante antwoord. Volgens haar is mense "wired for transcendence" – ons is *biologies* "bedraad" om eerstens self-transenderend te wees en tweedens kan ons nie sonder transendensie bestaan nie. Sy voer aan dat mense se begeerte om 'n gevoel van transendensie te kultiveer, dalk *die* definiërende menslike eienskap mag wees. Verder beweer sy dat mense nie net transendentale wesens is as gevolg van hulle geloof in die bestaan van 'n absolute transenderende God nie, maar dat transendensie integraal is tot hulle (of ons) wese. Hierdie beliggaamde aard van transendensie vind mens byvoorbeeld ook in die werk van die Belgiese filosoof Lucy Irigaray en in die Japannese Kioto skool (as verteenwoordigend van die Oosterse denke).

Die beliggaamde aard van transendensie kan egter nie lei tot 'n radikalisering van transendensie in die immanente nie. Dit is die punt wat Amanda du Preez (in *Culture and Transcendence*) maak as sy daarop wys dat die moderne kultus van najaag van ekstreme ervaringe wel tiperend is van radikale immanensie, maar terselfdertyd onthul dit juis die menslike aard per se (die *condition humaine*) – 'n voortdurende soeke na iets wat verder strek as

die blote immanente. Ons kultuur van "soeke na ekstreme ervaringe" (avontuuraktiwiteite op die limiete van lewe en dood) veroorsaak dat transendensie gesekulariseer of selfs gekommersialiseer word, maar uiteindelik is hierdie soort transendensie net 'n ervaring van 'n kitsch sublieme – die behoefte aan transendensie bly onvervuld. Dit blyk dus dat transendensie nie sonder meer vervang of geïllumineer kan word sonder om die *menslike aard* te verander nie.

Transendensie, of ten minste die soeke daarna, lê baie diep gesetel in die menslike bestaan, hetsy biologies of spiritueel of albei.

Paul van Tongeren, in sy bespreking van transendensie en nihilisme (met spesifieke fokus op Nietzsche se *Culture and Transcendence*), koppel ook transendensie aan die essensie van die mens en sê byvoorbeeld in sy bespreking van radikale immanensie dat daar 'n transenderende aktiwiteit aan immanensie self is, naamlik die feit dat mense nie anders kan as om die wêreld te transendeer nie, eenvoudig omdat mens genoodsaak is om daaroor te praat en dit sodoende waarde te gee. Transendensie, of ten minste die soeke daarna, lê dus baie diep gesetel in die menslike bestaan, hetsy biologies of spiritueel of albei. Daarom word transendensie voortdurend nuut verstaan en herinterpreteer en word die grense daarvan voortdurend verskuif – binne die filosofie, teologie, kuns en politiek. Hierdie verskuiwinge word genoodsaak deur die talle veranderinge in ons Westerse kultuur, soos sekularisasie, 'n groterwordende tegno-wetenskaplike wêreldbeskouing, nuwe verstaan van tyd en ruimte (kosmologie), nuwe ontwikkelings in biologie, kognitiewe en breinwetenskappe, sowel as nuwe filosofiese idees. In 'n post-transendente, post-metafisiese tyd is die vraag dus nie net eenvoudig wat het transendensie vervang nie, maar eerder hoe die grense van transendensie verskuif het, hoe word dit nuut verstaan?

Oor die belang van die konsep transendensie, sê Stoker en Van der Merwe, dat groter begrip daarvan 'n mens kan help om skuiwe in die verskillende dimensies van ons kultuur beter te verstaan. Hulle aanname (in *Looking Beyond?*) is dat die kontemporêre religieuse en spirituele landskap, van ten minste die gesekulariseerde Weste, baie helder na vore kan kom as daar gefokus word op die breuke en parallelle tussen die "gloeiende spore" wat nagelaat is deur die voortdurende verskynings van transendensie, wetend of onwetend, in die werke van verskeie skrywers oor sekere kulturele fenomene. Met die aanbied van 'n tipologie van transendensie word daar dan 'n analitiese en heuristiese stuk gereedskap gebied waarmee hierdie skuiwe ondersoek kan word. Die doel daarvan is om sodoende insig te kry in ons kultuur wat weer lei tot insig oor en vorming van ons eie lewe/ denke. Die ondersoek na transendensie is kultuurfilosofies dus van groot waarde, maar ook in kultuurkritiek speel transendensie 'n groot rol. Met 'n begrip van transendensie as iets radikaal anders, staan mens byvoorbeeld baie krities teenoor kultuur en kuns (soos by Kierkegaard en Barth). Met transendensie verstaan as radikale immanensie is daar weer 'n baie minder kritiese ingesteldheid teenoor kultuur en kuns (soos by Nietzsche en Altizer). Selfs al word die grense vervaag tussen transendensie en immanensie (soos by Derrida) het dit implikasies vir kultuurkritiek, soos dit uit die dekonstruksie blyk.

Negatief beskou is transendensie iets wat die mens se kreatiwiteit en outonomie vernietig – iets wat lei tot valse etiese aansprake en uiteindelik tot die dood.

Dit is egter nie net in terme van kultuurfilosofie of kultuurkritiek belangrik om transendensie beter te begryp nie, maar ook omdat transendensie (tradisioneel verstaan) normatief is en dit 'n mens se lewensoriëntasie bepaal. Die probleem is

egter dat die konsep transendensie nie meer so eenvoudig in die tradisionele sin verstaan of aanvaar kan word nie. In ons post-metafisiese tyd, na Nietzsche, Heidegger, Derrida, Levinas, Deleuze en vele ander, is dit eenvoudig nie meer moontlik nie. Tog word transendensie teologies, filosofies en andersins bepleit, herbedink, herformuleer, sodat daar nog steeds gepraat word van transendensie in 'n post-transendente tyd – amper soos die herhaalde terugkeer van God-spreke na die oënskynlike "dood van God".

Daar moet toegegee word dat transendensie 'n geweldige belangrike rol – negatief of positief – in die menslike lewe speel.

Hoekom verdwyn transendensie en die behoefte daaraan nie? Transendensie is dalk 'n essensieel menslike eienskap, deel van ons noodsaaklike menslike behoefte aan waarde, oriëntasie en singewing. Hierdie behoeftes en die ervaring daarvan verbind ons op verskillende wyses aan die transendente. Aan die ander kant kan egter geargumenteer word dat ons ervaringe van die transendente 'n kunsmatige en onnodige ervaring is (amper soos bygeloof) – 'n ervaring wat selfs geskep kan word deur beelde en klanke te manipuleer soos wat die essay "Moments of Transcendence in Artificial Intelligence" in *Looking Beyond?* beskryf. Watter perspektief mens ook al hieroor inneem, daar moet toegegee word dat transendensie 'n geweldige belangrike rol – negatief of positief – in die menslike lewe speel. Positief, deurdat dit waarde, oriëntasie en betekenis aan die wêreld en mens se lewe kan bied.

Dit kan singewend en normatief funksioneer om uiteindelik 'n etiese en vervulde of werklik "wordende" lewe te bied. Negatief beskou (byvoorbeeld in die filosofie van Gilles Deleuze) is transendensie iets wat die mens se kreatiwiteit en outonomie vernietig – iets wat lei tot valse (of geen) etiese aansprake en uiteindelik tot die dood. Die belangrikheid van die regte konsep van transendensie is daarom noodsaaklik.

Filosofiese vrae in hierdie soeke na die "regte verstaan van transendensie" is legio: Is daar byvoorbeeld, in reaksie op Nietzsche, 'n nie-nihilistiese transendensie moontlik? Kan transendensie self transendeer word? Wat is die verhouding tussen transendensie en hermeneutiek? Met die post-moderne neiging weg van die transendente na die immanente, is daar weer ander vrae wat na vore kom: Is dit byvoorbeeld moontlik om verby 'n ironie van transendensie in die radikale immanensie te beweeg – dit wat die probleem is by Deleuze se "plat vlak van immanensie"? Kan transendensie as volkome beliggaam verstaan word? Lê die beliggaming daarvan dan in die a/Ander (Levinas/Derrida) of dalk in my "wordende" self (Deleuze)? Watter insigte kan die neurologiese en biologiese wetenskappe hieroor bied? Watter implikasies het dit uiteindelik alles vir religie?

Die belang van transendensie in ons post-transendente tyd is beslis omvangryk. Dit is so omvangryk en eksistensieel indringend van aard, dat daar eintlik nie werklik van 'n post-transendente tyd gepraat kan word nie, maar eerder van 'n post-metafisiese era waarin daar 'n voortdurende soeke na die ontwykende transendente plaasvind – na dit wat ons denke (ontologies en epistemologies) weer en weer transendeer.

Die biologiese beheer van indringerplante - volgens die natuur se resep

Hildegard Klein
(Navorsingsinstituut vir Plantbeskerming, Landbounavorsingsraad)

Die ontstaan van indringer-plante

Elke plantsoort het 'n verskeidenheid natuurlike vyande in sy land van herkoms – werweldiere wat dit bewei of die vrugte vreet, insekte wat daarin tonnel, dit vervorm of daaraan suig of kou, en swamme, bakterieë en virusse wat dit siek maak. Al hierdie natuurlike vyande oefen 'n mate van beheer uit op die bevolkingsgetalle van 'n plantsoort, en verhoed dat dit in sy natuurlike tuiste plaagafmetings aanneem. Sommige van die natuurlike vyande het deur evolusionêre tye saam met die gasheerplant ontwikkel, en is nou so goed daarby aangepas dat hulle nie meer by ander plantsoorte as gashere sal kan aanpas nie – sulke organismes word monofaag of gasheer-spesifiek genoem. Die oorgrote meerderheid natuurlike vyande is egter algemene voeders.

Ongeveer 90% van alle ingevoerde plantsoorte skep nie probleme nie, aangesien die meeste van hulle nie kan oorleef tensy hulle versorg word nie.

Ons skep vir onsself probleme wanneer ons plante vanuit ander lande invoer, vir watter rede ook al. Ingevoerde plante kom gewoonlik die land binne as sade of steggies, met min moontlikhede vir hulle natuurlike vyande om as verstekelinge saam te reis, en dus is die plante in hulle nuwe omgewing aanvanklik vry van natuurlike vyande. Enkele algemene voeders mag dalk in die nuwe land die ingevoerde plant koloniseer, maar die gasheerspesifieke soorte ontbreek in die nuwe tuiste. In teenstelling daarmee het al die inheemse plante hulle eie reeks natuurlike vyande, wat vir enige ingevoerde plant 'n kompetisie-voordeel gee. Ongeveer 90% van alle ingevoerde plantsoorte skep nie probleme nie, aangesien die meeste van hulle nie kan oorleef tensy hulle versorg word nie. Die ander 10%, wat wel kan oorleef, wat vinnig en doeltreffend kan aanteel en wat maklik versprei, word egter sogenaamde indringerplante, wat uiteindelik die natuurlike plantegroei van die land oorheers en uitkompeteer. Daarmee saam verloor diere wat afhanklik was van die inheemse plante, hulle voedselbron of skuilplekke, wat weer kan veroorsaak dat roofdiere ook uit die omgewing begin padgee – die biodiversiteit word dus verarm. Indringerplante kan trouens die hele ekosisteem omverwerp, met die gepaardgaande verlies aan ekostelsel-funksies (soos in 'n vorige bydrae bespreek).

Beide fisiese en chemiese beheer is baie duur, veral die arbeidskomponent daarvan.

Moontlike beheermetodes

Teen die tyd dat 'n ingevoerde plantsoort as 'n bedreiging vir die omgewing raakgesien word, is sy nakomelinge gewoonlik reeds in sulke groot getalle en oor so 'n wye gebied verspreid dat dit nie meer

moontlik is om hulle uit te roei nie, veral as die plant langlewende sade het wat reeds die grondsaadbank oorheers.

Indringerplante kan wel fisies afgekap of op ander maniere verwyder word, maar die grondversteuring wat hiermee gepaard gaan, laat gewoonlik sade van die indringerplant in massas ontkiem. Baie indringerplantsoorte gebruik ook die opgegaarde voedselreserwes in hulle wortels om weer uit te loop wanneer hulle afgekap word. Tensy 'n ander plantsoort dadelik in die oop spasies geplant word, sal die bogrond deur erosie verlore gaan. Fisiese bekamping van indringers vereis dus altyd opvolgaksies wat vir jare volgehou sal moet word.

Chemiese onkruiddoders kan ook aan die pas-afgekapte stompe, as loofbespuitings of as grondbehandelings rondom indringerplante toegedien word, maar die moontlikheid bestaan altyd dat die middels ook plante kan bereik wat nie bestem was om uitgeroei te word nie – veral in die geval van grondtoegediende middels. Ook hier is 'n enkele behandeling amper nooit genoeg nie, aangesien klein plante maklik oorgeslaan word en die volgende seisoen se saailinge buitendien later weer behandel sal moet word.

Beide fisiese en chemiese beheer is baie duur, veral die arbeidskomponent daarvan; die beheer van indringerplante kos dikwels meer as die prys van die grond.

Die soorte organismes wat meestal as biologiese beheeragente gebruik word, is insekte, myte en patogene.

Biologiese beheer

In plaas daarvan dat ons oorlog probeer maak teen indringerplante en nie rus voordat elke een van hulle dood is nie – dikwels ten koste van die omgewing en ons eie welsyn - kan ons ook die "sagte alternatief" volg, gebaseer op die bekende vermoë van natuurlike vyande om te verhoed dat een plantsoort 'n omgewing oorheers. Hierdie metode staan bekend as biologiese beheer, en behels die invoer van natuurlike vyande vanaf die herkomsland van 'n indringerplant, gevolg deur die toetsing, vrylating en verspreiding van gasheerspesifieke soorte, met die doel om bevolkings van die indringerplant sodanig te verminder dat dit nie meer probleme skep nie.

Die soorte organismes wat meestal as biologiese beheeragente gebruik word, is insekte, myte en patogene (swamme en bakterieë). Slegs gasheerspesifieke organismes word gebruik, dit wil sê organismes wat hulle ontwikkeling slegs op die teikenplantsoort kan voltooi. Die land se aangeplante gewasse en inheemse plante word dus geensins deur die vrylating van biologiese beheeragente bedreig nie – selfs nie in die rare geval dat die indringerplant heeltemal uitgeroei sou word nie.

Werkswyse gedurende biologiese beheerprojekte

Die invoer van enige nuwe, lewende organisme in 'n land hou 'n risiko in, veral as dit 'n plantvretende organisme is wat moontlik 'n gewasplaag sou kon word. Daarom word die invoer van biologiese beheeragente tot die minimum beperk, en deeglike opnames word eers hier te lande gedoen om vas te stel of die bedreiging van die omgewing deur die indringerplant wel so 'n risiko regverdig. Ondersoek word terselfdertyd ingestel na enige plantvreters of siektes wat dalk reeds op die indringerplant gevestig het, en wat moontlik die plant in bedwang kan hou.

Indien dit blyk dat biologiese beheer wel wenslik is, is die volgende stap om die geografiese oorsprong van die indringerplant te bepaal. Dit is gebruiklik om in die oorsprongland van die indringerplant na geskikte natuurlike vyande te soek, omdat daar plantvreters sal voorkom wat saam met die plant ontwikkel het en wat dus slegs by hierdie plant aangepas sal wees – dus, gasheer-spesifieke natuurlike vyande. In sommige gevalle, waar die plantspesie oor 'n wye gebied natuurlik voorkom, is dit nodig om deur middel van DNS-studies 'n presiese passing te

bewerkstellig tussen die vorm van die indringerplant wat in Suid-Afrika groei en dit wat in verskillende dele van die oorspronggebied voorkom. Sodoende word verseker dat biologiese beheeragente in die regte deel van die wêreld, en van die regte vorm van die plant, versamel word.

Dit het gebruiklik geword dat die oorsese soektogte in samewerking met die bepaalde land se wetenskaplikes en nagraadse studente beplan en uitgevoer word.

Groepe ervare Suid-Afrikaanse entomoloë en plantpatoloë onderneem vervolgens soektogte na die teikenplante in die natuurlike tuiste, wat meestal Suid-Amerika, Mexiko of Australië is. Hulle maak opnames van insekte, myte en plantsiektes wat noemenswaardige skade aan die teikenplant aanrig, met die klem op groepe wat bekend is dat hulle noue gasheerreekse het. Die belowendste natuurlike vyande word dan terug na Suid-Afrika gestuur vir verdere studie.

Dit het gebruiklik geword dat die oorsese soektogte in samewerking met die bepaalde land se wetenskaplikes en nagraadse studente beplan en uitgevoer word – nie alleen is dit gerieflik om samewerkers te hê wat die land en taal ken nie, maar dit is dikwels een van die voorwaardes waaronder 'n versamel- en uitvoerpermit toegestaan word. Lande soos Australië, wat self navorsing doen op die biologiese beheer van hulle eie indringerplante, is gewoonlik redelik toegeeflik wat betref die beskikbaarmaking van hulle land se biodiversiteit ter wille van die beskerming van dié van 'n ander land. Hulle laat dus gewoonlik die Suid-Afrikaanse biologiese beheernavorsers toe om 'n klein seleksie van belowende en vooraf geïdentifiseerde organismes, waarvoor hulle vooraf uitvoerpermitte bekom het, saam terug te neem na Suid-Afrika. Die Suid-Amerikaanse lande oefen egter baie strenger beheer uit op die gebruik van hulle biodiversiteit. Gelukkig vir die Suid-Afrikaanse biologiese beheergroep bestaan daar tans uitstekende betrekkinge met die Suid-Amerikaanse lande van wie ons afhanklik is vir versamelwerk. In ruil vir hulle hulp met versamelritte, identifikasiedienste en die beskikbaarstelling van natuurlike vyande, word die oorsese land se studente toegelaat om, waar moontlik, die navorsing op die natuurlike vyande self te onderneem, op kontrak vir Suid-Afrika, en met Suid-Afrikaanse wetenskaplikes as mentors en medepromotors.

Die invoerpermit van die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye bepaal dat die potensiële biologiese beheeragente vir studiedoeleindes beperk moet word tot 'n geregistreerde kwarantynfasiliteit.

Wanneer die oorsese insekte of patogene Suid-Afrika bereik, is daar nog nie genoeg inligting oor hulle beskikbaar om te kan bepaal of hulle 'n bedreiging vir landbougewasse of die Suid-Afrikaanse omgewing inhou nie. Hulle word dus by hulle aankoms in kwarantyn geplaas, waar hulle deeglik bestudeer en ondersoek kan word, voordat hulle uiteindelik in die omgewing vrygelaat kan word (mits hulle geskik blyk te wees). Die wette ten opsigte van die invoer en gebruik van biologiese beheeragente in Suid-Afrika is baie streng en voldoen aan internasionale standaarde. Die invoerpermit van die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye (in die afsienbare toekoms sal ook een van die Departement van Omgewingsake en Waterwese verkry moet word) bepaal dat die potensiële biologiese beheeragente vir studiedoeleindes beperk moet word tot 'n geregistreerde kwarantynfasiliteit, totdat toestemming verkry is vir hulle vrylating in die omgewing.

Hierdie bespreking sal verder op die gebruik van insekte as biologiese beheeragente toegespits word – in die geval van

patogene verskil die werkswyse aansienlik.

Die insekte word nou in 'n kwarantyn-glashuis in gaashokke, op potplante van die teikenplantspesie, geteel terwyl die navorsers die biologie en gewoontes van die insekte bestudeer. Dit is belangrik om te verstaan wat die wyfies byvoorbeeld nodig het voordat hulle eiers sal lê, wat die lewensiklus van die insek behels, en wat die verhouding tussen die insekte en hulle gasheerplante is.

Oopveldtoetse word dikwels deur nagraadse studente in die herkomsland van die indringerplant uitgevoer, onder leiding van die betrokke Suid-Afrikaanse navorser.

Sodra die navorser die inseksoort goed genoeg verstaan, word gasheertoetse uitgevoer om vas te stel of die agent gasheer-spesifiek, en dus geskik vir gebruik is. Hierdie fase kan verskeie jare in beslag neem, en verg 'n hoë mate van akkuraatheid, ondervinding, geduld en kreatiwiteit van die navorser, wat sy metodes en sy vertolking van resultate telkens by die betrokke inseksoort en plantsoorte moet kan aanpas. Die biologiese beheerkandidate word blootgestel aan verskillende kombinasies van toetsplante, in verskillende opstellings, wat ten doel het om die volledige reeks plante te bepaal waarop die insekte kan oorleef, asook die waarskynlikheid dat enige een van plantsoorte in die natuur, dit wil sê buite 'n hoksituasie, deur die insek aangeval sal word. Die resultate van hierdie laboratoriumproewe moet verkieslik in kombinasie met die resultate van opnames in die land van herkoms, wat onder natuurliker toestande uitgevoer kan word, geïnterpreteer word. Sulke "oopveldtoetse" word dikwels deur nagraadse studente in die herkomsland van die indringerplant uitgevoer, onder leiding van die betrokke Suid-Afrikaanse navorser.

Dit behels dat die student in gebiede waar die spesifieke inseksoort volop is op die teikenplant, 'n opname maak van enige tekens van dieselfde insek op alle naverwante plaaslike plante.

Sodra die navorsers tevrede is dat die biologiese beheerkandidaat geen bedreiging vir die land sal inhou nie, en dat dit skadelik genoeg sal wees om die risiko te regverdig, stel hulle 'n gedetailleerde verslag op waarin die owerhede versoek word om toestemming te verleen vir die vrylating van die agent uit kwarantyn, in die Suid-Afrikaanse omgewing in. Vir die huidige is slegs toestemming van die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye nodig, maar in die toekoms sal 'n permit ook van die Departement van Omgewingsake en Waterwese verkry moet word. Die staatsdepartemente win die hulp van kundige buitestanders in om die verslag te beoordeel. Weens administratiewe rompslomp is hier ook dikwels 'n wagtyd van verskeie jare betrokke. Dit is ironies dat die risikobepaling vir die invoer van sierplante (wat heel moontlik uiteindelik indringers kan word), nie naastenby so indringend, tydrowend en gevorderd is as wanneer 'n getoetste en veilig-verklaarde biologiese beheeragent uit kwarantyn vrygelaat word met die doel om 'n indringerplant te help beheer nie.

Indien die owerhede die nodige toestemming verleen het, kan die biologiese beheeragentspesie nou in groot getalle vermenigvuldig word voordat dit vir die eerste keer in besmettings van die teikenplantspesie vrygelaat word. Hierdie loslaatplekke word nou deeglik gemoniteer om vas te stel of die agente gevestig geraak het, tot watter mate hulle die teikenplante beskadig, en hoe geredelik hulle versprei. As alle haakplekke met loslaatmetodes uitgestryk is, oorhandig die verantwoordelike navorser 'n kolonie van die inseksoort aan een van die organisasies wat hulle in die toekoms sal aanteel en regdeur die land sal versprei – hetsy opgeleide persone in Werk vir Water, of instansies wat deur Werk vir Water gekontrakteer word vir hierdie doel, of moontlik ook een van die Landboudepartemente.

Die insekte het duisende hektare landbougrond vrygemaak van ondeurdringbare doringturksvyboskasies, en speel vandag nog net so 'n belangrike rol om te verhoed dat doringturksvy weer al die land se beboubare grond inneem.

Omgewingsveiligheid van biologiese beheer

Gedurende die eeu (sedert 1913) vandat biologiese beheeragente vir die eerste maal in Suid-Afrika teen indringerplante vrygelaat is, het geeneen van die biologiese beheeragente nog ooit 'n onverwagte gasheerverskuiwing ondergaan nie in die sin dat hulle begin het om 'n plantsoort aan te val wat nie reeds gedurende die gasheertoetsing as 'n geskikte gasheer uitgewys is nie. Daar is wel gevalle op rekord waar 'n biologiese beheeragent meer as een plantsoort in die land benut, bv. die cochenille-insek (*Dactylopius opuntiae*) wat beide die doringturksvy (*Opuntia ficus-indica*) en die doringlose kultivars daarvan aanval. Hierdie is egter in werklikheid twee vorms van dieselfde plantspesie, naamlik die oorspronklike, doringrige vorm, wat gedurende die 1920's in Suid-Afrika tot 'n uiters aggressiewe indringer ontwikkel het, en die kultivars wat vir doringloosheid en smaaklike vrugte uit die oorspronklike vorm geteel is. Dit was reeds gedurende die 1920's, toe die projek onderneem is, bekend dat die cochenille albei vorms sou aanval, maar omdat die doringturksvy as 'n nasionale ramp verklaar is, het die destydse parlement toestemming verleen tot die vrylating van die biologiese beheeragente. Die insekte het duisende hektare landbougrond vrygemaak van ondeurdringbare doringturksvyboskasies, en speel vandag nog net so 'n belangrike rol om te verhoed dat doringturksvy weer al die land se beboubare grond inneem. Die wetenskaplike beginsels waarop biologiese beheer gebaseer word, is deeglik op die proef gestel gedurende die afgelope eeu en blyk betroubaar te wees.

Dit lê nie in die aard van biologiese beheeragente om die hele bevolking van hulle gasheerplantsoort totaal uit te wis nie.

Dit lê nie in die aard van biologiese beheeragente om die hele bevolking van hulle gasheerplantsoort totaal uit te wis nie. In die geval van sogenaamde klassieke biologiese beheer (een van drie metodes van biologiese beheer, en wel die een wat gewoonlik teen indringerplante toegepas word) kan die biologiese beheeragente vryelik aanteel en versprei, en die verwagting is dan dat hulle die bevolking van die teikenplant sal onderdruk totdat die verminderende voedselbronne die groeitempo van die insekte beperk. Dit gee nou die indringerplantbevolking kans om tydelik te herstel totdat die biologiese beheeragente hulle weer inhaal. Hoewel die bevolkingsgetalle van die indringerplant geduring sal fluktueer, behoort dit nooit weer skadelike vlakke te bereik nie. Die balans tussen 'n teikenplant en sy natuurlike vyande verhoed die algehele uitwissing van óf die plant óf die biologiese beheeragente, en dit verseker 'n volhoubare en permanente vlak van biologiese beheer. Die feit dat die biologiese beheeragente hulle getalle op natuurlike wyse beheer om by die plantgetalle te pas, verseker ook dat daar nie oorweldigende getalle van honger insekte in die omgewing sal agterbly nadat hulle hulle gasheerspesie uitgewis het, en dan toesak op enige plant wat voorkom nie.

Hoe kan grondgebruikers biologiese beheer by hulle bestuursplanne inpas?

In 'n paar gevalle is die biologiese beheeragente so doeltreffend dat hulle die indringerplantprobleem alleen kan oplos sonder dat enige ander insette nodig is. Dit geld vir verskeie cochenillesoorte

(*Dactylopius* spp.) wat elkeen 'n ander kaktusonkruid (*Cylindropuntia* spp. en *Opuntia* spp.) onder beheer hou, sowel as 'n kompleks kewertjies wat saadvorming verhoed en volwasse bome van sesbania (*Sesbania punicea*) doodmaak. Die grondgebruiker kan hierdie plantsoorte bloot ignoreer sodra die biologiese beheeragente in die omgewing gevestig is, en kan sy span werkers beter aanwend om ander indringerspesies te beheer.

Vir sommige indringerplantsoorte soos lantana (die *Lantana camara*-kompleks) kan die beskikbare biologiese beheeragente nie genoeg skade aanrig om die plant te dood nie, maar in die kusgebiede lewer hulle nogtans 'n bydrae deur die plante merkbaar te verswak. Die meeste van die biologiese beheeragente wat tot dusver op lantana gevestig geraak het, val die blare of stingels van lantana aan. Deur die fotosintetiserende oppervlakte van die blare te verminder of deur die plantsap te suig, put hierdie insekte die plant se voedingsreserwes uit en verminder sodoende sy aggressiwiteit. Indien so 'n verswakte plant afgekap word, sal dit nie so sterk hergroei as wat die geval sou gewees het sonder die natuurlike vyande nie, en hierdeur word die koste en duur van opvolgaksies wat nogtans nodig is, beduidend verminder.

Sommige van ons mees problematiese indringerplante is doelbewus ingevoer en is nog steeds waardevol vir sekere sektore van ons samelewing.

By baie van die indringerplante, byvoorbeeld die Australiese wattelsoorte (*Acacia* spp.) word die biologiese beheer toegespits op die sade. Hoewel saadvernietigende agente nie die bestaande stande van uitheemse plante kan beskadig nie, is hulle tog ideaal geskik om konflikte in belange te ontlont. Sommige van ons mees problematiese indringerplante is doelbewus ingevoer en is nog steeds waardevol vir sekere sektore van ons samelewing: swarthout (*Acacia melanoxylon*) en denne (*Pinus* spp.) verskaf meubelhout, swartwattel (*Acacia mearnsii*) is 'n winsgewende bron van houtpulp, Suidwesdoring (*Prosopis* spp.) is 'n geharde skaduboom en verskaf veevoer in droë gebiede, terwyl sering (*Melia azedarach*) 'n gewilde straatboom is. 'n Gemeenskaplike kenmerk van al hierdie bome is hulle oorvloedige saadproduksie, wat terselfdertyd ook die rede is waarom hulle indringers is. Natuurlike vyande wat saadvorming verhoed of sade vernietig, sal die plant se vermoë om nuwe gebiede binne te dring, verminder, maar sal nie die volwasse plante ongeskik maak vir gebruik nie. Nog 'n voordeel is dat minder sade van die indringerplant in die grond ophoop, met 'n gepaardgaande vermindering in die intensiteit en tydsduur van die opvolgaksies wat in skoongekapte gebiede nodig sal wees.

Die mikoherbisied is geen bedreiging vir swartwattelbome in plantasies nie, omdat dit, weens sy swak infeksievermoë, nie gesonde, onbeskadigde bome sal besmet nie.

Mikoherbisiede (formulasies van gasheerspesifieke swamspore wat op dieselfde manier as chemiese onkruiddoders toegedien kan word) besit al die voordele van chemiese onkruiddoders, insluitend die maklike toedieningsmetode en lang rakleeftyd, maar het geeneen van hulle nadele nie. Aangesien hulle gasheerspesifieke biologiese beheeragente is, hou mikoherbisiede geen bedreiging in vir die omringende plantegroei nie en kan langs rivierlope toegedien word sonder die gevaar van besoedeling. 'n Voorbeeld van so 'n mikoherbisied is Stumpout®, 'n formulasie van 'n plaaslik-groeiende swam wat op die afgekapte stamme van swartwattel (*Acacia mearnsii*) aangewend kan word om die stomp, sowel as enige hergroei wat mag ontstaan, dood te maak. Die mikoherbisied is geen bedreiging vir swartwattelbome in plantasies nie, omdat dit, weens sy swak infeksievermoë, nie gesonde, onbeskadigde bome sal besmet nie. Nog 'n

mikoherbisied wat van 'n plaaslike swam vervaardig word, is dodelik op syerige hakea (*Hakea sericea*) in die Wes-Kaap.

Biologiese beheer behoort, waar dit beskikbaar is, as 'n noodsaaklike onderdeel van elke bestrydingsprojek vir indringerplante beskou te word. Dit sal nooit die konvensionele bestrydingsmetodes kan vervang nie, maar behoort daarmee gekombineer te word. Grondgebruikers moet natuurlik daarteen waak om die biologiese beheeragente te vernietig in die loop van hulle normale bestrydingswerk, om sodoende die beste moontlike bydrae deur die biologiese beheeragente te verseker. Hiervoor is 'n deeglike kennis van die beskikbare biologiese beheeragente nodig, insluitend hulle lewensiklus, hulle bydrae tot die beheer van die indringerplant, en hulle behoeftes. Hierdie tipe inligting is in die vorm van bladskrifte beskikbaar op die webwerf van ARC-PPRI se Onkruidnavorsingsafdeling by http://www.arc.agric.za/home.asp?pid=902

Al word alle indringerplante ook deur die beheeraksie doodgemaak of verwyder, is dit onvermydelik dat die skoongemaakte gebied binnekort weer besmet sal word deur dieselfde of 'n ander soort indringerplant.

Wanneer alle indringerplante in 'n sekere gebied verwyder word, deur watter metode ook al, sal die biologiese beheeragente wat op hierdie plante geleef het, ook uitsterf, tensy hulle in staat is om na ander stande van dieselfde indringerplant in die omgewing te ontsnap. Die cochenille-insekte wat in die biologiese beheer van kaktussoorte gebruik word, sowel as die larvale of nimfstadiums van inwendige voeders, byvoorbeeld blaarmyners, saadvreters en stamboorders, is nie beweeglik genoeg om te ontsnap nie, en kan dus plaaslik uitsterf as gevolg van 'n bosbrand of chemiese bespuiting van 'n groot gebied. Al word alle indringerplante ook deur die beheeraksie doodgemaak of verwyder, is dit onvermydelik dat die skoongemaakte gebied binnekort weer besmet sal word deur dieselfde of 'n ander soort indringerplant, hetsy deurdat sade in die grond ontkiem of deurdat afgekapte bome weer uitloop. Wanneer dit gebeur, sal biologiese beheeragente weer benodig word. Om te verseker dat die agente so 'n gebied weer koloniseer, is dit noodsaaklik om reeds gedurende die beplanningsfase reservate of teelplekke vir biologiese beheeragente eenkant te hou. Sulke gebiede moet teen veldbrande, asook meganiese en chemiese beheerpraktyke beskerm word. As genoeg sulke gebiede eenkant gehou word, behoort dit nie nodig te wees om weer agente in die laboratorium te teel en in skoongemaakte gebiede los te laat nie.

Gevolgtrekking

Die voordele van biologiese beheer sluit in dat die beheeragente, weens hulle gasheer-spesifieke aard, geen besoedeling veroorsaak nie, dat biologiese beheeragente op hulle eie kan vermenigvuldig en versprei en die volhoubare aard van die beheer wat hulle teweegbring omdat hulle, in gebiede waar hulle gevestig raak, permanent teenwoordig kan bly. Biologiese beheer is dus 'n natuurlike metode wat ander bestrydingsmetodes uitstekend kan aanvul deur hulle makliker en goedkoper te maak.

Georganiseerde misdaad in legio vorme

Duane Aslett
(Senior lektor in die Program vir Forensiese Rekenmeesterskap,
Potchefstroomkampus van die NWU)

Die konsep "georganiseerde misdaad"

Verskeie pogings is al aangewend om die konsep "georganiseerde misdaad" te definieer. Elke poging tot 'n definisie het egter onder kritiek deurgeloop waar die kritici swakhede in die betrokke definisie uitwys. Dit mag dalk die rede wees waarom Suid-Afrikaanse wetgewing geen poging aanwend om dié konsep te definieer nie, maar eerder die omstandighede uitlig waaronder misdadige optrede as georganiseerde misdaad beskou sal word.

Dat georganiseerde misdaad egter 'n internasionale probleem is, word weerspieël in die Sekretaris-Generaal van die Verenigde Nasies (VN) se openingstoespraak tydens 'n Wêreld Ministeriële Konferensie oor dié onderwerp in November 1994. In sy toespraak beklemtoon hy dat georganiseerde misdaadgroepe hul kriminele aktiwiteite oor grense uitvoer en sodoende ontwikkel tot wat hy "crime multinationals" noem. Die eskalasie van hierdie fenomeen het mettertyd gelei tot die VN se *Verdrag op Transnasionale Georganiseerde Misdaad* wat in 2000 in Palermo, Italië, in die lewe geroep is en later deur Suid-Afrika as lidland onderteken is.

Suid-Afrika se eie poging om georganiseerde misdaad te bekamp, het hoofsaaklik beslag gekry in die *Wet op die Voorkoming van Georganiseerde Misdaad* (Wet no. 121 van 1998) (hierna "die Voorkomingswet"). Die Voorkomingswet is geskoei op die VSA se *Racketeer Influenced Corrupt Organisations Act* (RICO) van 1970 en het *inter alia* die volgende doelstellings:

- om maatreëls in te stel om georganiseerde misdaad (asook geldwassery) te bekamp;
- om sekere aktiwiteite met betrekking tot rampokkery te verbied en
- om voorsiening te maak vir 'n verbod op geldwassery.

Hoewel die term "georganiseerde misdaad" nie in die Voorkomingswet gedefinieer word nie, maak die *Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens* (Wet no. 68 van 1995) (hierna "die Polisiewet") onder artikel 16 voorsiening vir omstandighede waaronder misdadige gedrag (of beywering daartoe) as georganiseerde misdaad beskou sal word. Georganiseerde misdaad word verder onder artikel 17A van die Polisiewet tot nasionale prioriteitsmisdaad verklaar wat ingevolge artikel 17D deur die Direktoraat vir Prioriteitsmisdaadondersoek (algemeen bekend as die "Valke") voorkom, bekamp en ondersoek moet word.

Daar is drie algemene elemente wat in al die rampokkery-misdrywe voorkom, naamlik *'n patroon van rampokkery, 'n onderneming en 'n beskuldigde.*

Rampokkery

Die misdade verbonde aan rampokkery word in artikel 2(1) van die Voorkomingswet uiteengesit en kan verdeel word in rampokkery-misdrywe wat eiendom betref (artikel 2(1)(*a*)-(*c*)); en rampokkery-misdrywe wat deelneming betref (artikel 2(1)(*d*)-(*f*)). Daar is drie algemene elemente wat in al die rampokkery-misdrywe voorkom, naamlik:

- *'n Patroon van rampokkery* wat bestaan uit die beplande, ononderbroke, voortdurende of herhaalde deelname of betrokkenheid by enige misdryf bedoel in Bylae 1, en ook minstens twee misdrywe bedoel in Bylae 1 en waarvan een van die misdrywe plaasgevind het na die inwerkingtreding van die Wet en die laaste plaasgevind het binne 10 jaar (met uitsluiting van enige tydperk van gevangenisstraf) na die pleging van sodanige vroeëre misdryf, bedoel in Bylae 1 (Bylae 1 tot die Wet beslaan dan 'n lys ernstige misdade).

- *'n Onderneming* wat ook 'n individu, vennootskap, korporasie, vereniging, of ander regspersoon of regsentiteit insluit, asook enige vakbond of 'n groep individue wat feitelik verbind word, alhoewel dit nie 'n regspersoon of 'n regsentiteit hoef te wees nie (die definisie vir 'n onderneming is dus baie wyd).

- *'n Beskuldigde* wat nie die onderneming self is nie, maar apart van die onderneming bestaan.

Die straf vir iemand wat skuldig bevind word aan een van die rampokkery-misdrywe in artikel 2(1) is 'n boete van hoogstens R1 000 miljoen of gevangenisstraf vir enige tydperk tot en met lewenslank. Die rampokkery-misdrywe kan opsetlik of nalatig gepleeg word.

Geldwassery

Die begrip "geldwassery" word in artikel 1 van die *Wet op die Finansiële Intelligensiesentrum* (Wet no. 38 van 2001) gedefinieer as onder meer 'n aktiwiteit wat die uitwerking het (of waarskynlik sal hê) om die aard, bron, ligging, beskikking of beweging van die opbrengs van onregmatige aktiwiteite (of enige belang wat enigiemand in sodanige opbrengs het), te verberg of te verbloem. 'n Onregmatige aktiwiteit is enige optrede wat 'n misdryf uitmaak of wat in stryd is met enige wet, hetsy sodanige optrede plaasgevind het binne die Republiek van Suid-Afrika (RSA) of elders.

Die opbrengs van sodanige onregmatige aktiwiteit sluit in enige eiendom of enige diens, voordeel, nut, of beloning wat regstreeks of onregstreeks ontstaan het, ontvang of gehou is, hetsy binne die RSA of elders, in verband met of as gevolg van enige onregmatige aktiwiteit wat deur enige persoon verrig is. Dit sluit ook eiendom in wat eiendom wat aldus ontstaan het, verteenwoordig. Weereens is die definisies baie wyd om enige eiendom (hetsy geld of ander roerende, onroerende, liggaamlike of onliggaamlike bates en ook enige regte, voorregte, eise en waarborge, belang daarin en alle opbrengs daarvan) wat verkry is as gevolg van enige onregmatige optrede, in te sluit.

'n Onregmatige aktiwiteit is enige optrede wat 'n misdryf uitmaak of wat in stryd is met enige wet, hetsy sodanige optrede plaasgevind het binne die Republiek van Suid-Afrika (RSA) of elders.

Die Voorkomingswet bepaal dat geldwassery (ingevolge artikel 4), of die hulpverlening aan 'n ander om voordeel te trek uit die opbrengs van onregmatige aktiwiteite (ingevolge artikel 5), of die verkryging, besit of gebruik van die opbrengs van onregmatige aktiwiteite (ingevolge artikel 6) misdade is wat met skuldigbevinding strafbaar is met 'n boete van hoogstens R100 miljoen, of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens 30 jaar. Weereens kan hierdie misdade opsetlik of nalatiglik gepleeg word.

Grondwetlike aanslae

Hoofstuk 6A (wat bogenoemde artikels 17A en 17D insluit) van die Polisiewet is egter in die onlangse hofuitspraak van *Glenister v President of South Africa and Others* as teenstrydig met die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996, (en dus ongeldig) verklaar, weens die versuim om voldoende onafhanklikheid van die Direktoraat (naamlik die Valke) te verseker. Die ongrondwetlikheid is egter met 18 maande uitgestel om die Parlement die geleentheid te gun om hierdie defek in die Polisiewet reg te stel.

Verder, in die onlangse "Amigossaak", waarin die Kaapstad-gebaseerde Uruguaanse besigheidsman, Gaston Savoi, die hoofbeskuldigde is, het die verdedigingspan 'n saak aanhangig gemaak teen die Nasionale Direkteur van Openbare Vervolgings en die Minister van Justisie en Grondwetlike Ontwikkeling aangaande die grondwetlikheid van die Voorkomingswet. Hulle voer aan dat die Voorkomingswet vaag is weens die feit dat die Amerikaansgebaseerde rampokkerymisdade 'n kortpad vir die Staat skep weens die wydheid van die definisies van die begrippe en dat die Staat 'n moeiliker taak in die hof sou gehad het sonder die rampokkeryklagtes.

Die verdediging is van mening dat die Suid-Afrikaanse definisie van 'n patroon van rampokkery vaag, onverstaanbaar en betekenisloos is en dus teen regsekerheid indruis.

Hulle voer verder aan dat die sny-en-plak-oefening van die RICO-wetgewing na die RSA die definisie van 'n patroon van rampokkery insluit wat reeds deur die Amerikaanse howe as "elusive and uninformative" bestempel is. Die verdediging is van mening dat die SA definisie ewe vaag, onverstaanbaar en betekenisloos is en dus teen regsekerheid indruis. Albei bogenoemde grondwetlike aanslae op die bekamping van georganiseerde misdaad is steeds hangend en die uitkoms van beide aangeleenthede sal 'n beduidende invloed op die bekamping van georganiseerde misdaad in Suid-Afrika hê.

WOORD & DAAD op die internet! /
WORD & ACTION on the internet!
http://www.journals.co.za/ej/ejour_woord.html
Gebruikersnaam en wagwoord kan aangevra word by:
UserID and password can be obtained from:
Erika.Otto@nwu.ac.za

Perlemoenstropery – kan dit gestop word?

Nolan Lendor
(Fakulteit Regte, Potchefstroomkampus van die NWU)

Agtergrond

Perlemoenstropery is 'n hoogs gesofistikeerde georganiseerde misdaad waarby talle internasionale sindikate betrokke is. Omdat dit 'n relatief laeprofielmisdaad is, is die publiek egter nie in so 'n mate daarby betrokke soos hulle byvoorbeeld by renosterstropery betrokke is nie. Volgens marinebioloë neem perlemoenstropery deesdae selfs ernstiger afmetings aan as renosterstropery en het dit selfs 'n groter impak op die Suid-Afrikaanse ekologie en ekonomie as renosterstropery.

Daar is 6 verskillende spesies perlemoen in Suid-Afrikaanse waters wat strek vanaf die Weskus tot aan die Ooskus van Kwa Zulu Natal. Hierdie spesies sluit in Haliotis Midae, - Spadicea, - Parva, - Queketti, - Speciosa en - Pustulata. Die spesie wat egter die meeste waarde het, is Haliotis Midae (of perlemoen, soos dit algemeen bekendstaan). Die spesie het vroeër veral volop voorgekom in die Wes-Kaap, meer spesifiek langs die kuslyn tussen Kaappunt en Bredasdorp. Dié perlemoenspesie neem tussen 7 en 8 jaar voor dit seksueel volwasse is en reg is vir voortplanting. Hoe ouer die perlemoen raak, hoe nader aan die kuslyn beweeg dit. Dit maak dit dus makliker om uit te haal.

Voor die 1970's was daar geen regulering van die perlemoenbedryf nie, maar in 1983 is begin om kwotas aan perlemoenvissers toe te ken, wat gesamentlik ongeveer 650 ton per seisoen was.

Die Suid-Afrikaanse perlemoenbedryf dateer terug tot die laat 1940's. Suid-Afrikaanse perlemoen word gereken onder die 5 mees gesogte spesies ter wêreld (meestal deur die Verre Ooste). Naas Australië en Japan is Suid-Afrika die grootste verskaffer van perlemoen (wettig en onwettig) aan die wêreldmark.

Voor die 1970's was daar geen regulering van die perlemoenbedryf nie, maar in 1983 is begin om kwotas aan perlemoenvissers toe te ken, wat gesamentlik ongeveer 650 ton per seisoen was. Die kwotas is egter in die vroeë 1990's, as gevolg van oorbenutting, aangepas tot 550 ton. Hierdie aanpassing was hoofsaaklik van toepassing op die Hawstonkuslyn, wat gelei het tot groot ontevredenheid onder die plaaslike gemeenskap van Hawston.

In die 1990's kon 1 kg perlemoen (ontskulp) tussen R150 en R550 op die Suid-Afrikaanse swartmark verdien.

Die Perlemoenoorlog

Die oorbenutting van perlemoen was die gevolg van onwettige stropery van die spesie deur werkende en werklose lede van die gemeenskappe langs die Hawstonkuslyn. Op daardie stadium (in die 1990's) kon 1 kg perlemoen (ontskulp) tussen R150 en R550 op die Suid-Afrikaanse swartmark verdien. Dit was die rede waarom baie inwoners (insluitende skoolkinders) hulle tot dié vinnige manier van geldmaak gewend het. Dit het egter ook georganiseerde misdaad na dié

gebied gelok. Veral die bendes vanaf die Kaapse Vlakte het hulle op die kusdorpies in die Overbergomgewing kom vestig. Hierdie bendes is gefinansier deur die Chinese Mafia (Triads) deur goedkoop bestanddele vir die vervaardiging van metakaloon ('n dwelmmiddel) in ruil aan te bied vir goedkoop perlemoen.

Die gemeenskap was nie net ongelukkig oor die afname in die toegelate kwotas nie, maar ook oor die betrokkenheid van bendelede wat nie oorspronklik van hierdie areas afkomstig was nie. Die plaaslike gemeenskap het met geweld probeer om die bendes uit die gebied te kry en het sodoende ook met die SAPD slaags geraak. Omdat hierdie bendes deur die Chinese Mafia gefinansier is, het hulle oor beter toerusting vir die uithaal van perlemoen beskik as gewone inwoners van die omgewing, byvoorbeeld goeie duiktoerusting en vinnige rubberbote. Verskeie mense (polisie, gemeenskapslede en stropers) is beseer in die vlaag van geweld wat in die middel negentigerjare tussen die bendes, die plaaslike inwoners en die SAPD uitgebreek het. Die media het dit die "Abalone War" genoem.

Oplossings ter bekamping van algehele uitwissing

In 2001 het die regering verskeie rolspelers, wat onbekende stropers ingesluit het, na 'n beraad uitgenooi om oplossings vir die oorbenuttingsprobleem te vind. Die aanbod van die regering aan die stropers was om aan hulle vir 2 jaar kommersiële regte te gee as 'n langtermynoplossing. Dit was egter onsuksesvol.

Daar is tot op datum 'n hele aantal polisielede wat reeds skuldig bevind is aan perlemoenverwante oortredings.

Marine- en Kusbestuur het 'n nuwe taakspan op die been gebring, genaamd "Operation Neptune". Hierdie taakspan het hoofsaaklik bestaan uit polisie en polisiereserviste van verskillende dorpe – persone wat nog nooit vantevore perlemoen gesien het nie. Die manne van "Operation Neptune" het lang ure gewerk en minimale salarisse verdien, wat gelei het tot korrupsie. Daar is tot op datum 'n hele aantal polisielede wat reeds skuldig bevind is aan perlemoenverwante oortredings. Tans is daar 3 polisiebeamptes verhoorafwagtend vir misdrywe wat terugdateer tot 2000.

In 2005 is die Omgewingshof se befondsing gestaak weens beweerde wanbestuur deur Marine- en Kusbestuur en is die Hermanus Omgewingshof se deure gesluit.

Eerste Omgewingshof in Afrika

Ten einde misdrywe wat met perlemoenstropery verband hou vinniger en meer doeltreffend te hanteer, is die eerste Omgewingshof in 2003 in Hermanus geopen deur die destydse Direkteur van Openbare Vervolging (Wes-Kaap), advokaat Frank Khan. Die hof het hoofsaaklik met perlemoensake gewerk, maar het ook van tyd tot tyd ander omgewingsverwante sake hanteer. Dié hof het 'n suksessyfer van tussen 75% en 90% gehad en het van die belangrikste perlemoensmokkelaars verhoor. Die Omgewingshof is hoofsaaklik befonds deur die destydse Departement Omgewingsake en Toerisme (wat Marine- en Kusbestuur ingesluit het). In 2005 is befondsing gestaak weens beweerde wanbestuur deur Marine- en Kusbestuur en is die Hermanus Omgewingshof se deure gesluit. 'n Soortgelyke hof is in 2004 in Port Elizabeth met groot sukses geopen, maar is later, nes die Hermanushof, weens 'n befondsingstekort gesluit.

Daar word geskat dat, net in 2007, sowat 2 000 ton perlemoen onwettig uitgehaal is, waarvan tussen 10% en 20% deur die SAPD gekonfiskeer is.

Om die spesie te red

In Februarie 2008 is daar 'n verbod geplaas op alle perlemoenvangs om die probleem te probeer hokslaan. Dié poging was ook onsuksesvol, want stropery het

voortgegaan. In Julie 2010 is die verbod laat vaar en is kwotas weer aan kommersiële vissers toegeken.
Al die onwettige perlemoen wat tans gekonfiskeer word, word deur die Departement Omgewingsake aan kopers in die Verre Ooste verkoop en daardie opbrengs gaan na die staatskas.

Tot op datum is daar nog geen oplossing vir die oorbenutting van die Suid-Afrikaanse perlemoenbron nie.

Die maatskappye wat die grootste perlemoenkwotas het, is I&J Visserye en 'n maatskappy wie se moederliggaam in Australië is, Ichtus Pty (Ltd). Die bestaansvissers (gemeenskappe wat reeds geslagte lank hul lewe uit die see maak) ontvang baie kleiner kwotas. Daar is tans omtrent 12 perlemoenplase in die Overbergomgewing wat perlemoen kweek ten einde die stropery van natuurlike perlemoen te keer, maar die plase produseer nie genoeg nie. Dit bly steeds baie winsgewend om perlemoen te smokkel.

Tot op datum is daar nog geen oplossing vir die oorbenutting van die Suid-Afrikaanse perlemoenbron nie. Indien ons stropery doeltreffend wil bekamp en die spesie sodoende van uitsterwing red, sal die regering baie meer geld beskikbaar moet stel vir die polisiëring van perlemoenstropery. Daar is byvoorbeeld tans geen vaartuie om die kus te bewaak nie en daar is ook nie genoeg beamptes om die kus te patroleer nie. Die instel van 'n omgewingshof wat weer eens perlemoensake verhoor, kan dalk ook as 'n afskrikmiddel dien. 'n Ander manier is om die plaaslike gemeenskappe by die polisiëring te betrek en aan hulle groter kwotas vir perlemoen te gee – indien hulle perlemoenkwotas bedreig word, sal hulle teen die bendes begin optree eerder as om beskerming te verleen. Andersins sal die mark met goedkoop "geteelde" perlemoen oorlaai moet word om die winsgewendheid van gesmokkelde perlemoen te verminder. Wat egter duidelik is, is dat daar ernstig besin sal moet word oor maatreëls om perlemoenstropery te bekamp voordat die hele spesie aan die Suid-Afrikaanse kus uitgewis word.

Die gawe van kompleksiteit

Meinhard Peters
(Konsultant in bestuursopleiding, Sentrum vir Beroepsontwikkeling, Pretoria)

As ons nadink oor die geweldige kompleksiteit van die skepping, ontstaan die vraag by 'n mens waarom dit so moet wees. As alles afhanklik was van spontane ewolusionêre kragte of uitgelewer was aan die toeval, wat is dan die funksie van kompleksiteit? Sou dit nie meer doeltreffend, meer logies, meer voorspelbaar wees om te verwag dat dinge hulself sal vereenvoudig nie? Dat die lewe sodoende meer ekonomies, meer doeltreffend kon wees?

Aanpassing by omstandighede vereis nie noodwendig groter kompleksiteit nie; vereenvoudiging sou net so 'n goeie reaksie op ingewikkelde uitdagings kan wees. In die meeste gevalle kan dit besparend wees.

In die argitektuur en ingenieurswese is standaardisasie 'n belangrike beginsel; dit maak alles baie makliker vir vervaardigers en bouers. In die natuur sien ons die teenoorgestelde: talle soorte bome, talle struike en grasse, talle soorte insekte, talle soorte voëls, talle soorte visse.

Ons kan suiker onttrek uit plante, maar ons kan nie die fyn gebalanseerde produk skep wat bye vervaardig nie.

Die skepping is kompleks: beginnende by die orde van die elemente, die samestelling van deeltjies wat al die verskillende stowwe uitmaak – tot by die uiteenlopende verskynsels van lewensvorme op die aarde, die sonnestelsel en die heelal wat tot in die verste oneindigheid strek.

As voorbeeld: die kompleksiteit van die lewe van bye en die maak van heuning laat mens se verstand stilstaan. Ons kan dit nie nadoen met al ons tegnologiese kennis nie. Ons kan suiker onttrek uit plante, maar ons kan nie die fyn gebalanseerde produk skep wat bye vervaardig nie.

Dink maar aan die kompleksiteit van 'n mens se oog; die uniekheid daarvan vir elkeen van ons. Oogskandeerders word tans beskou as die mees betroubare instrumente om mense se identiteit te bepaal, soos vingerafdrukke ook gebruik word. Waarom hierdie uniekheid – en waarom die opsigtelike kompleksiteit daarvan? Waarom die veelheid van kulture, rasse en tale – en die kompleksiteit wat dit inhou vir menslike verhoudinge? Kon dit nie alles baie eenvoudiger gewees het nie?

Is daar 'n boodskap in die kompleksiteit van die wêreld wat ons dalk nie insien nie? Sê dit iets van die hand van God in alles rondom ons? Die Skepper stel unieke en baie spesifieke dinge voor ons. Jyself, as mens, is uniek in soveel opsigte: liggaamlik, psigies en geestelik. Die mense wat jy in jou lewe ontmoet, is elkeen weer uniek op sy of haar manier.

Kompleksiteit in die skepping kan gesien word as 'n gawe: 'n oneindige rykdom wat nie uitgeput kan word nie. Die skepping spreek van 'n wonder wat ons verstand heeltemal te bowe gaan.

Kan ons werklik roem op ons prestasies wanneer ons dit sien in die lig van God se skepping?

Hoe behoort ons te reageer hierop? Vra dit nie juis baie meer respek en geduld met opsigtelike verskille en alomteenwoordige verskeidenheid nie? Waarom wil ons almal eenders maak? Dit is nodig dat ons ons oë instel op die verskeidenheid om ons, op die uniekheid van vorme van

lewe, op die kompleksiteit waarbinne ons geplaas is.

Here onse Here, hoe wonderbaar is u Naam oor die hele aarde, hoe glansryk alles wat U in die hemelruim geplaas het! …
As ek U werk aanskou, die werk van U vingers, die maan en die sterre waaraan U 'n plek gegee het, wat is die mens dan dat U aan hom dink, die mensekind dat U na hom omsien? (Psalm 8)

Die Psalmskrywer stel homself klein in teenoor die werklikheid, hy beleef homself as nietig binne die grootheid van God se skepping. Dit dwing hom tot nederigheid. Kan ons werklik roem op ons prestasies wanneer ons dit sien in die lig van God se skepping? Hoe groot en belangrik is die mensdom werklik? Ons is maar 'n klein deeltjie van 'n geweldige groot gebeurtenis.

Riana Scheepers & Leti Kleyn. 2012. **Die Afrikaanse Skryfgids**. Johannesburg: Penguin. 458 p. Prys: R190. ISBN: 9780143530152.

Resensent: Marlies Taljard
Skool vir Tale, NWU, Potchefstroom.

Riana Scheepers en Leti Kleyn se *Die Afrikaanse Skryfgids* is 'n skrywershandleiding wat 'n groot leemte in die Afrikaanse boekmark vul. Hierdie lywige werk is bedoel vir die "breë publiek om meer oor skryfkuns te wete te kom". Dit is 'n hulpmiddel vir voornemende en reeds gepubliseerde skrywers om 'n goeie manuskrip voor te berei vir uitgewers – 'n noodsaaklikheid gesien in die lig van die groot aantal substandaard manuskripte wat uitgewers die afgelope jare ontvang en moet afkeur.

Die gids is saamgestel uit 11 hoofstukke wat elk verskeie bydraes deur gesoute skrywers, joernaliste, akademici, kunstenaars en ander kundiges bevat. Ek noem hier kortliks die verskillende hoofstukke: Die Skryfproses; Stylelemente vir Prosa; Soorte Prosa; Genrefiksie; Kinder- en Jeugboeke; Poësie; Drama, TV & Film; Media; Niefiksie; Die Wêreld van Skryf; Uitgewersake. Wat die boek besonder gebruikersvriendelik maak, is dat die hoofpunte van elke hoofstuk sowel in die volledige inhoudsopgawe as aan die begin van elke hoofstuk verskyn. Verder is hoofstukke opgedeel in redelike kort hoofpunte wat op hulle beurt dikwels in kolpunt-formaat opgesom is. Dit maak die inligting maklik verteerbaar en sorg vir 'n goeie bladbeeld.

Uit die aard van die saak kan daar nie binne die bestek van ongeveer 450 bladsye 'n volledige uiteensetting gegee word van *alles* wat vir die skryfproses van belang is en wat skrywers in gedagte behoort te hou nie. Die gids verskaf wel 'n massiewe klomp inligting, maar diepgang en klem op die fyner nuanses van prosesse ontbreek dikwels. Ek het ook gevind dat werk van verskillende skrywers wat binne dieselfde hoofstuk geïntegreer word, nie altyd 'n eenheid vorm en mekaar nie noodwendig aanvul nie, maar dikwels tot fragmentasie lei.

Een aspek van die Skryfgids wat die boek uiters toeganklik maak vir skrywers uit alle vlakke van die skryfbedryf, is die klem op praktiese toepaslikheid en op die praktyk van skryf, in plaas van lang en vervelige stukke skryfteorie wat slegs van akademiese belang is. So word daar byvoorbeeld reg aan die begin van die boek 'n hele klompie skrywersmites ontluister, soos dat inspirasie nie 'n besoek van die muses behels nie, dat die gebruik van alkohol of dwelms nie kreatiwiteit aanhelp nie, dat mens nie kan skryf sonder om ook (baie) ander boeke te lees nie, maar 'n bietjie plagiaat kan pleeg ...

Die hoofstuk oor poësie het ek besonder informatief gevind, veral omdat baie nuwe digstemme wat hulle daagliks aanmeld, nie bekend is met die genrekonvensies van die

digkuns nie. Die hoofstuk skop af met 'n afdeling waarin Hans du Plessis die skryfproses uiteensit met besondere klem op die verhouding tussen versvorm en wat die digter te sê het. Daarna skryf Louis Esterhuizen oor die ontstaan van 'n gedig en die grondtrekke van 'n goeie gedig. Gilbert Gibson skryf oor die emosionele aanslag van die gedig op die leser en boustene van gedigte, asook beeldspraak, musikaliteit, metafore en stylfigure. Marthinus Beukes bespreek enkele klassieke digvorme: die haikoe, tanka, kwatryn, koeplet, pantoen, sonnet, villanelle en rondeau, waarna Bernard Odendaal die konvensies van die vrye versvorm bespreek en Leti Kleyn konkrete poësie toelig.

Die Afrikaanse skryfgids is nie 'n akademiese handboek nie, maar is gemik op skrywers wat min of geen ondervinding van die skryfproses het nie en wat graag 'n manuskrip vir publikasie wil voorberei. Dit is in eenvoudige, maklik verstaanbare taal geskryf sonder om onnodig van vakterme en abstrakte begrippe gebruik te maak. Selfs 'n hoërskoolleerder kan hierdie boek met vrug gebruik. Ek sou dit selfs aanbeveel vir onderwysers wat onderrig in die stelwerk of die letterkunde gee, want benewens die feit dat dit jou leer skryf, is dit ook 'n nuttige naslaangids vir die verstaan van letterkundige werke. Hierdie boek hoort werklik in elke huis wat 'n boekrak het!

Michel Houellebecq. 2012. **Tagtig gedigte en twee essays**. (Vertaal deur Catherine du Toit en medewerkers). Hond-uitgewers. 216 p. Prys: R180. ISBN 978-1-874969-18-1

Resensent: Johan Schoeman
Roodepoort

Daar bestaan reeds geruime tyd twee tekortkominge in die Afrikaanse letterkundige omgewing wat nog nooit regtig bevredigend verklaar is nie, nieteenstaande enkele belangrike pogings en ligpunte tot die teendeel: die oënskynlik algemene gebrek om te ywer vir goeie Afrikaanse vertalings van hoogtepunte in die selfkritiese Europese letterkunde en, so lyk dit, 'n wydverspreide gebrek aan belangstelling hierin by lesers (veral) en skrywers, dalk juis vanweë die kenmerke van die 'mark' waarop hieronder teruggekom word. Dit is asof die duidelike verband tussen die suidpunt van Afrika en die dinamika hier, en dit wat gebeur het en steeds gebeur in ('n toenemend selfvernietigende) Europa, waar 'n deel van die inwoners van hierdie land hulle historiese oorspronge het, maar net nie ingesien kan word nie. So asof ook hier die maklike, verkoopbare en markrelevante uitweg gekies en intellektuele werk heel dikwels soomloos aan politici en die heersende lewens- en wêreldbeskouing verpand word.

Op 'n dag verskyn daar dan nog 'n ligpunt, soos Catherine du Toit (en medewerkers) se onlangse vertaling van die Franse skrywer Michel Houellebecq se gedigte en enkele essays, en word mens opnuut bewus van die kwessie hierbo. Die bundel bevat 'n voorwoord deur Gavin Bowd (uit Engels vertaal deur Ryk Hattingh) wat self met Houellebecq bevriend is, 'n aantal gedigte van die digter Houellebecq (aangebied in die oorspronklike Frans en Afrikaans) en enkele essays. Houellebecq, wat onlangs die Prix Goncourt-prys gewen het vir sy boek vertaal as *The Map and the Territory*, het dit in dié essays oor wat dit beteken om digter en skrywer te wees, wat dit is om mens te (probeer) wees en uiteindelik wat dit beteken om deel te vorm van 'n feitlik onontsnapbare 'supermark'-bestaan in die Weste; mense wat 'n integrale deel vorm van 'n verbruikersbestaan (en nou self die kenmerke van 'n mark vertoon, selfs in interpersoonlike verhoudings), 'n vermaaklikheidsindustrie en 'n sosiale sfeer wat aan individue handelswaarde toeken en alleen dit as van belang ag. Die omvang van Houellebecq se kommentaar word nog duideliker as gekyk word na enkele spesifieke temas wat in die twee essays gedek word: skryf as 'n verpligting, opmerkings oor geluk, respek vir filosowe, die wonde van die samelewing en wat ons te doen staan (sit jou vinger daarop en druk hard), die grawe in verbode onderwerpe, die onmoontlikheid om die

waarheid en die wêreld saam lief te hê, waarheid en alleenheid, kasregisterestetika en, les bes, die dinamika van die tegnologie en politieke korrektheid. Die teks is so ryk aan idees dat dit lees en herlees vra, en 'n betekenisvolle resensie amper onmoontlik maak, bloot omdat so iets noodwendig soveel moet uitlaat. Maak geen fout nie – Houellebecq (blykbaar uitgespreek as 'Welbek') draai nie doekies om nie, of hy nou dig of essay skryf. Die kritiek is op die man af en die literêre mes sny diep, terwyl sy waarneming en kommentaar ons met geen ander keuse laat as om deeglik kennis te neem nie.

Die feit dat die publikasie in 'n beperkte oplaag van 500 eksemplare uitgegee word, maak dit meer gesog. Miskien som 'n opmerking van Catherine du Toit in haar eie kommentaar, ingesluit in die nawoord van die publikasie, dit mooi op: "In 'n wêreld van toenemende institusionele wantroue waar konkrete aktiwiteit minder gewig dra as die geslaagde verslagdoening daaroor en woorde gevolglik selfs nóg meer as in die verlede ingespan word as die uitgeholde lakeie vir die kosmetiese ontwikkeling van 'reputasiebestuur' en 'veranderingsfasilitering' en selfs skrywers gedweë die weg volg van die polities korrekte en die intellektueel aanvaarbare, was Houellebecq vir my 'n roerende andersheid."

Vir enige denker, letterkundige, menswetenskaplike of bloot vir iemand wat ly onder die hier en nou, is hierdie publikasie verpligte leeswerk. Henning Pieterse het aangedui dat hy in die loop van 2013 hoop om verdere gedigte van Houellebecq in Afrikaans die lig te laat sien. Intussen, wel gedaan en dankie aan diegene wat betrokke was by die daarstel van hierdie veelseggende (Afrikaanse) publikasie.

WOORD & DAAD op die internet! /
WORD & ACTION on the internet!
http://www.journals.co.za/ej/ejour_woord.html
Gebruikersnaam en wagwoord kan aangevra word by:
UserID and password can be obtained from:
Erika.Otto@nwu.ac.za